

**KOMMUNIKASIESTEURINGE AS BRON
VAN KONFLIK IN DIE HUWELIK: 'N PASTORALE STUDIE**

G.G. DE WET

Verhandeling voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die
graad Magister Artium in Praktiese Teologie aan die
Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. dr. G.A. Lotter

Potchefstroom
November 2005

VOORWOORD

My opregte dank aan:

- My vrou Aisa wat my verdra het in die tyd van my studie. Dankie vir jou voorbidding, ondersteuning, geduld en gesindheid. Ek weet dit moes baie keer vir jou moeilik gewees het.
- My kinders Natie, Paula, Charl, Melinda, Leon en Celesté vir julle voorbidding en ondersteuning.
- Die Kerkraad van Kempton Park Evangelies-Gereformeerde Kerk vir die geleentheid om te kon studeer. Dankie ook vir julle ondersteun.
- Die lidmate van die gemeente - in besonder die Senior Burgers - vir julle voorbidding, begrip en geduld tydens my studie.
- Tannie Chris Bester en Elsabe Kruger wat die taalversorging gedoen het.
- My studieleier Prof. Lotter vir sy leiding, vriendelikheid, bedagsaamheid en geduld. Ek waardeer dit.

Dankie aan die Here wat my krag, genade en insig gegee het om die studie te kon voltooi. Baie dae was ek moedeloos, maar Hy het opgelig en deurgedra.

G.G. DE WET

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1

1.	Inleiding	1
1.1	Titel	1
1.2	Oriëntering en probleemstelling	1
1.2.1	Oriëntering.....	1
1.2.2	Probleemstelling	1
1.3	Doelstelling en doelwitte	3
1.3.1	Doelstelling	3
1.3.2	Doelwitte	3
1.4	Sentrale teoretiese argument	4
1.5	Metode.....	4
1.6	Voorgestelde hoofstukindeling	4

Hoofstuk 2

Basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot kommunikasiesteuringe as bron van konflik in die huwelik

2.1	Inleiding	5
2.2	Skrifperspektiewe aangaande die mens	5
2.2.1	Skepping van die mens	6
2.2.1.1	Gees	7
2.2.1.2	Siel	7
2.2.1.3	Die liggaam	7
2.2.2	Sondeval van die mens	8
2.2.2.1	Die gevolge van die sondeval	9
2.2.3	Verlossing van die mens	10
2.3	Skrifperspektiewe oor die huwelik	11
2.3.1	Instelling van die huwelik	11
2.3.2	Die huwelik soos God dit bedoel	13
2.3.3	Huweliksliefde	15
2.3.4	Rol van die vrou in die huwelik	16
2.3.5	Rol van die man in die huwelik	18
2.3.5.1	Die man moet sy vrou liefhê	18

2.3.5.1.1	Opofferende liefde	18
2.3.5.1.2	Heilige liefde	19
2.3.5.1.3	Omgee-liefde	19
2.3.5.1.4	Onophoudelike liefde	20
2.3.5.2	Die man is die hoof van die vrou	21
2.3.5.2.1	Tyd met haar spandeer	22
2.3.5.2.2	Haar te onderrig uit die Skrif	22
2.3.5.2.3	Vir haar 'n goeie voorbeeld te stel	22
2.3.5.2.4	In sy huis besluite te neem, verantwoordelikheid te dra en te delegeer	22
2.3.5.2.5	Sagmoedigheid	23
2.4	Skrifperspektiewe oor kommunikasie	23
2.4.1	Definisie van kommunikasie	24
2.4.2	Elemente in kommunikasie	24
2.4.2.1	Praat	25
2.4.2.2	Luister	27
2.4.2.3	Antwoord	28
2.4.2.4	Stilbly	28
2.4.3	Ideaal in kommunikasie	29
2.4.3.1	Stadig om te praat	29
2.4.3.2	Gou wees om te hoor	29
2.4.3.3	Stadig om toornig te word	29
2.4.4	Skrifbeginsels m.b.t. kommunikasie	31
2.4.4.1	Eerste beginsel m.b.t. kommunikasie is: Wees eerlik	32
2.4.4.2	Tweede beginsel m.b.t. kommunikasie is: Hanteer geskille dadelik ..	32
2.4.4.3	Derde beginsel m.b.t. kommunikasie is: Bespreek/hanteer die probleem, moenie mekaar aanval of te na kom nie	33
2.4.4.4	Vierde beginsel m.b.t. kommunikasie is: Handel, moenie reageer nie	34
2.4.5	Kommunikasie in die huwelik	35
2.5	Skrifperspektiewe oor konflik	36
2.5.1	Die ontstaan van konflik	36
2.5.2	Hantering van konflik	36
2.6	Voorlopige samevatting van hoofstuk 2	37

Hoofstuk 3

Metateoretiese perspektief met betrekking tot kommunikasiesteurings as bron van konflik in die huwelik

3.1	Inleiding	39
3.2	Doelstelling	39
3.3	Literatuurstudie	40
3.3.1	Verskil tussen 'n man en 'n vrou	40
3.3.2	Temperamentele verskille van die mense	41
3.3.2.1	Beskrywing van die vier basiese temperamente	43
3.3.2.1.1	Cholerikus "D"	43
3.3.2.1.2	Sanguïnikus "I"	43
3.3.2.1.3	Flegmatikus "S"	44
3.3.2.1.4	Melancholikus "C"	45
3.3.3	Die hedendaagse siening van die huwelik	45
3.3.3.1	Die "tradisionele" huwelik	46
3.3.3.2	Vennootskaphuwelik	47
3.3.3.3	Gelykmatige huwelik	48
3.3.4	Hedendaagse siening van die rolle van die man en vrou	49
3.3.5	Kommunikasie in die praktyk	51
3.3.5.1	Soorte kommunikasie	52
3.3.6	Kommunikasiesteurings tussen huweliksmaats	55
3.3.6.1	Elemente tot kommunikasiesteurings	56
3.3.7	Konflik in die huwelik	57
3.3.7.1	Afbrekende konflikhantering	58
3.3.7.2	Opbouende konflikhantering	59
3.4	Empiriese navorsing	61
3.4.1	Inleiding	61
3.4.2	Werkswyse	61
3.4.3	Data verwerking	62
3.4.4	Voorlopige samevatting van hoofstuk 3	74

Hoofstuk 4

Praktykteoretiese perspektief met betrekking tot kommunikasiesteuringe as bron van konflik in die huwelik

4.1	Inleiding	76
4.2	Doelstelling	76
4.3	Veronderstelling	76
4.4	Berading en basisteoretiese perspektiewe	76
4.5	Berading en metateoretiese perspektiewe	79
4.6	Voorgestelde pastorale riglyne	81
4.6.1	Beradingsmetode	81
4.6.2	Beradingsriglyne	82
4.6.2.1	Verhoudingsfase	83
4.6.2.2	Ontledingsfase	85
4.6.2.3	Onderrigfase	85
4.6.2.4	Aksiefase	86
4.7	Voorlopige samevatting van hoofstuk 4	87

Hoofstuk 5

Finale samevatting

5.1	Hoofstuk 2 (Basisteoretiese perspektiewe)	88
5.2	Hoofstuk 3 (Metateoretiese perspektiewe)	89
5.3	Hoofstuk 4 (Praktykteoretiese perspektiewe)	90
	Voorgestelde terreine van verdere studie	91
	Opsomming	92
	Sleutelwoorde	93
	Summary	94
	Keywords	95
	Bylaag 1 (Tuiswerk)	96
	Bylaag 2 (Tuiswerk)	98
	Bylaag 3 (Tuiswerk)	100
	Bylaag 4 (Tuiswerk)	103
	Bylaag 5 (Tuiswerk)	104
	Bibliografie	105

HOOFSTUK 1

1. Inleiding

1.1 Titel

Kommunikasiesteuringe as bron van konflik in die huwelik: 'n Pastorale Studie

Sleuteltermes: Kommunikasie, Kommunikasiesteuringe, Konflik, Huwelik, Pastoraal.

Keywords: Communication, Poor communication, Faulty communication, Conflict, Marriage, Pastoral.

1.2 Oriëntering en probleemstelling

1.2.1 Oriëntering

Navorsers skaar hom vanuit sy ervaring op grond van navorsing en literatuur aangaande huwelikskonflik by die standpunt wat aantoon dat "kommunikasiesteuringe" die algemeenste probleem in huwelike is (Collins, 1988:410; Crabb, 1992:65). Steuringe hou probleme in en huwelikspare beskou kommunikasieprobleme as 'n groot oorsaak van interpersoonlike probleme (Burlson, 1997:1).

Egpare wat meer kommunikasiesteuringe ervaar as goeie opbouende kommunikasie, het inderdaad met ernstige probleme te kampe (Collins, 1988:410) en hulle moet so gou moontlik hulp verkry (Adams, 1974:249).

1.2.2 Probleemstelling

Konflik is 'n/die stryd tussen twee persone met doelwitte wat blyk nie dieselfde te wees nie (Collins, 1988:233) en ontstaan veral binne 'n huwelik waar twee mense intens by mekaar se doen en late betrokke is, maar self verskillend van mekaar is (Nicol, 1992:111).

Volgens Mol (1996:14) is daar hoofsaaklik vier redes vir konflik/te in die huwelik:

- Verskil in temperamente
- Die probleem om 'n besluit te neem
- Kommunikasiesteuringe
- Die vrou se begeerte om haar man te domineer en die man se begeerte om oor sy vrou te heers

Konflik is onvermydelik en 'n natuurlike deel van die huwelik (Dominian, 1986:26; Nicol, 1992:11; Mol, 1996:13). Dit is gesonde groeipyne in 'n verhouding (Nicol, 1992:11) en waar mense saam is, veral waar hulle intens in 'n huwelik by mekaar se doen en late betrokke is, sal daar altyd konflik wees (Sumrall, 1995:50).

Konflik hou nie net probleme in nie, maar bied ook 'n geleentheid om probleme op te los op so 'n manier dat God daardeur verheerlik word en dat dit tot voordeel van die betrokkenes sal strek (Sande, 2000:17). Die sleutel tot 'n gelukkige huwelik is nie om te weet hoe om 'n argument te vermy nie, dit is om te weet hoe om uit so 'n argument te kom nadat dit ontstaan het (Notarius, 1994:1).

Volgens Kent (1998:12) is daar 'n verskil tussen kommunikasie en gesprekvoering. Kommunikasie, sê hy, kan koud, meganies en passief wees, terwyl gesprekvoering warm, minsaam en persoonlik is. Volgens 'n mededeling van Prof. Paul Schutte (2003), is kommunikasie en gesprekvoering dieselfde. In die studie word dit dus so hanteer.

Kommunikasie is 'n wederkerige proses waarmee een persoon aan 'n ander sy gedagtes, gevoelens en geloof deur middel van taal, gebare en ander tekens oordra (Blignaut, 1986:15). Volgens Nicol kan onder kommunikasie verstaan word, 'n gee van myself, ontvang van die ander, deel met mekaar en ervaring van 'n ander mens (Nicol, 1992:61). Jakobson meld dat ses pole in die kommunikasiesituasie onderskei kan word (vgl. Botha, 1987:30):

- 'n **SENDER** kommunikeer met 'n
- **ONTVANGER** deur middel van 'n
- **TEKS**.
- Die ontvangs van die teks kan net slaag as die **KODE**
- en **KONTEKS** van die sender en ontvanger ooreenstem
- Die oordra van die teks vind plaas met behulp van 'n bepaalde **KANAAL**.

Kommunikasie is fundamenteel vir 'n Christusgesentreerde gesin, omdat dit die weg is waarlangs verhoudings gevestig, groei en gehandhaaf word, (Adams, 1972:28) en is by uitnemendheid die kern in die huwelik (Van Rooyen, 1986:45).

Kommunikasiesteurings ontstaan, onder andere, wanneer daar selfsugtige doelwitte is (Crabb, 1992:66). Volgens Skriftuurlike perspektief is dit duidelik dat kommunikasiesteurings die gevolg van selfgesentreerde doelwitte is (vgl. bv. Jak 4:1-3). Die feit dat paartjies nie geleer het om duidelik en effektief te kommunikeer nie, het die gevolg

dat 'n boodskap wat gestuur is, nie dieselfde boodskap is wat ontvang word nie en is dit soms ook 'n oorsaak van kommunikasiesteuringe (Collins, 1988:410).

Sover vasgestel kon word uit 'n elektroniese soektog van die databasisse by die Ferdinand Postma Biblioteek Noordwes-Universiteit, is daar tans nog geen ander studie gedoen of in die proses om gedoen te word oor hierdie spesifieke onderwerp nie. Daar is ondersoek na kommunikasieprobleme as bron van huweliksontwrigting gedoen (Cleaver, 1979). Die ondersoek het egter nie 'n oplossing gegee van hoe egpare tydens konflik in die lig van die Skrif moet kommunikeer ten einde verryking in hulle huwelik te ervaar nie.

Die sentrale navorsingsvraag is daarom: "Hoe moet egpare begelei word om tydens konflik in die lig van die Skrif te kommunikeer ten einde verryking in hulle huwelik te ervaar?"

Die probleme wat ondersoek gaan word is:

- Wat leer die Skrif aangaande kommunikasie en kommunikasiesteuringe in die huwelik?
- Watter invloed het interpersoonlike verskille tussen huwelikspare op kommunikasie en kommunikasiesteuringe in die huwelik?
- Hoe kan huwelikspare begelei word om kommunikasiesteuringe as bron van konflik te hanteer tot verryking van hulle huwelik?

1.3 Doelstelling en doelwitte

1.3.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om aan te toon dat egpare in konflik as gevolg van kommunikasiesteuringe, besondere pastorale berading nodig het.

1.3.2 Doelwitte

- Om aan te dui wat die Skrif aangaande kommunikasie en kommunikasiesteuringe in die huwelik leer.
- Om ander dissiplines soos Kommunikasiekunde en Psigologie sal ondersoek word.
- Om die invloed van interpersoonlike verskille tussen huwelikspare op kommunikasie en kommunikasiesteuringe in die huwelik te ondersoek.
- Om riglyne daar te stel waarvolgens huwelikspare begelei kan word om kommunikasiesteuringe as bron van konflik te hanteer tot verryking van hul huwelik.

1.4 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat huwelikspare in kommunikasiesteuringe as bron van konflik pastoraal begelei behoort te kan word ter oplossing van sodanige steuringe en tot verryking van hul huwelik.

1.5 Metode

Die studie word vanuit die Gereformeerde tradisie gedoen. In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae word die praktiese-teologiese model van Zerfass (Heitink, 1999:113) gebruik wat op grond van 'n basis-, meta- en praktyk skema ontwerp is.

- Basisteorie uit die Skrif en pastorale teologiese tradisie word volgens grammaties-historiese eksegeese ontwerp.
- Metateoretiese beoordeling geskied deur van toepaslike literatuurstudie uit psigologiese- en sosiale kommunikasiekundige gebruik te maak. 'n Kwalitatiewe empiriese studie deur middel van gesprekvoering met fokusgroepe van 5 gesinne waar konflik as gevolg van kommunikasiesteuringe na vore kom. Die ongestruktureerde aangesig-tot-aangesigmetode sal gebruik word.
- Basisteoretiese perspektiewe en metateoretiese perspektiewe sal vervolgens in hermeneutiese wisselwerking geïntegreer word met die oog op die ontwerp van praktykteoretiese perspektiewe.

1.6 Voorlopige hoofstukindeling

Hoofstuk 1	Inleiding
Hoofstuk 2	Basisteoretiese perspektief m.b.t. kommunikasiesteuringe as bron van konflik in die huwelik
Hoofstuk 3	Metateoretiese perspektief m.b.t. kommunikasiesteuringe as bron van konflik in die huwelik
Hoofstuk 4	Praktykteoretiese perspektief m.b.t. kommunikasiesteuringe as bron van konflik in die huwelik
Gevolgtrekking	
Bronnelys	

HOOFSTUK 2

Basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot kommunikasiesteuringe as bron van konflik in die huwelik

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk handel volgens die Zerfassmodel (1.5) oor die basisteoretiese perspektiewe waar die doel daarop gerig is om te ondersoek wat die Skrif en Praktiese Teologie leer aangaande kommunikasiesteuringe as bron van konflik in die huwelik (Heyns & Pieterse, 1998:36-38; Venter, 1996:25). Navorsing is gedoen deur gebruik te maak van literatuur, artikels, die internet en grammaties-historiese eksegeese van toepaslike Skrifgedeeltes van beide die Ou- en Nuwe Testament. Die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling is gebruik, tensy anders aangedui.

2.2 Skrifperspektiewe aangaande die mens

Eienaarshandleidinge vergesel omtrent elke produk wat verkoop word. Dit word deur die vervaardiger van die produk saamgestel waaruit die gebruiker kan leer hoe om die produk te gebruik sodat die produk die beste aan die verbruiker se behoefte kan voorsien en volgens die ontwerp daarvan sal funksioneer. Net so het die Skepper van die mens ook 'n "handleiding" vir die mens daargestel waarin die mens, byvoorbeeld, in die konteks van die huidige studie, in en vir die huwelik kan leer om die volle potensiaal van geluk in hul kommunikasie met mekaar te kan ervaar (vgl. bv. 2 Tim. 3:16; Ps. 119:105). Hierdie handleiding is die Bybel (Adams, 1979:18), dié bron van gesag waaruit die berader met die beradene deel (Adams, 1979:21). Om dus kommunikasie tussen mense te kan verstaan, moet gekyk word wat die Skrif aangaande die mens en kommunikasie leer.

Volgens Verhoef (2001:115-117) en Wolters (1992:10) is die openbaringslyn in die Skrif aangaande die mens, die skepping, sondeval en verlossing. Van der Walt (2001:13) sluit hierby aan en wys daarop dat volgens die openbaring in die Skrif, die geskiedenis van die mensdom juis deur hierdie drie hoof fases ontwikkel het.

2.2.1 Skepping van die mens

"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape". (Gen. 1:26-27).

Om die rol van die man en vrou in die huwelik te begryp, moet verstaan word wat God se doel met hulle skepping was (MacArthur, 1994:17; Piper & Grudem, 1991:95). God se doel was om 'n geslag voort te bring wat in gemeenskaplike verhouding met Hom en met mekaar gestaan het (Helberg, 1988:21); vgl. Gen. 1:28; Mal. 2:15.

In die skeppingsverhaal is die Goddelike aankondiging dat mense gemaak moet word 'n spesiale geleentheid. Dit is só asof God opgewonde is om Sy Beeld met 'n wese te deel. Hy het persoonlik en direk die mens na Sy Beeld geskep, terwyl Hy met die skepping van die ander lewende wesens 'n Woord gesprek het (Heyns, 1992:172; Piper & Grudem, 1991:96; Crabb, 1987:87; Unger, 1981:7); vgl. Gen. 1:27 & 24.

Die woord wat in Gen. 1:27 met "geskape" vertaal word, is בָּרָא (*bara*). Hierdie woordstam word uitsluitlik vir God se skeppingsaktiwiteit gebruik - om uit niks iets te skep - en dui daarop dat hierdie aktiwiteit buite die menslike vermoë val. "*It differs from yasar, 'to fashion', in that the latter primarily emphasizes the shaping of an object while bara emphasizes the initiation of the object*" (Wenstrom, 2003, 5; Farkas, 1998:1; Harris, Archer en Waltke, 1980:127).

Die mens is uniek (Ps. 8:6-8) en nie die resultaat van ontwikkeling (evolusie) nie. God het die mens na Sy Beeld geskape en dit is wat die mens onderskei van die diere (Unger, 1981:8; Dake, 1981:OT:52; Kroeze, 1969:35); vgl. Gen. 1:26-27. Die mens het persoonlike vryheid en verantwoordelikheid (Helberg, 1988:22) en elke mens het - soos God - 'n rasionele persoonlikheid: intellektueel, emosioneel en met 'n eie wil (MacArthur, 1994:18; Unger, 1981:8; Kroeze, 1969:35). Hulle is geskape as 'n wese vir 'n verhouding (Patton, 1993:15), afhanklik van 'n Opperwese en van mekaar (Kassner, 1993:27; Helberg, 1988:5; Adams, 1979:2); vgl. Hand. 17:28. Fisies en geestelik was die mens perfek geskep, met geen sonde nie (Unger, 1981:8; Adams, 1979:3).

Die gebruik van die meervoud in Genesis 1:26 dui die betekenis aan van die term "na Sy Beeld". God Drie-enig het die mens gemaak - gees, siel en liggaam (Kent, 1998:5; Venter, 1987:1; Pink, 1979:16); vgl. 1Thess. 5:23. Gees, siel en liggaam word vervolgens afsonderlik bespreek.

2.2.1.1 Gees

Venter (1987:8) noem drie aspekte uit die Skrif wat van die gees van die mens opvallend is:

- Die gees van die mens is 'n geskenk van God (Ps. 104.29-30).
- Die gees is 'n gevoelige instrument wat die mens se gemoedsaandoeninge registreer (Joh. 11:35).
- Dit is die gees van die mens wat genade ontvang en van kindskap getuig (Rom. 8:16).

Deur die gees word met God gekommunikeer. Dit is hier in die gees waar 'n mens onder die oortuiging van die Heilige Gees insien wat God se wil is. Die gees gee aan die mens 'n Godbewustheid (Kent, 1998:7).

2.2.1.2 Siel

Volgens Venter (1987:6) gebruik die Skrif die volgende uitdrukkings verwysend na die siel:

- Asem (Job. 41:13),
- Bloed (Lev. 17:14),
- Lewe in die sin van sonder lewe (siel) tree die dood in (Gen. 35:18; Mark. 8:35-37),
- Die verborge innerlike lewe (2Kor. 1:23) as setel van allerlei gevoelens en emosionele uitinge (1Sam. 1:15; Job. 19:2; Luk. 2:35).

Die siel sluit die intellek, emosie en denke van die mens in. Dit gee aan die mens 'n selfbewustheid. Deur die siel word met die self gekommunikeer (Kent, 1998:6).

2.2.1.3 Die liggaam

Die liggaam is die sigbare en tasbare "werklikheid" van ons bestaan (Gal. 6:17). Die seksuele lewe is hier gesetel (Rom. 4:9). Die woord "liggaam" word in die Skrif gebruik om die mens in sy geheel aan te dui (Venter 1987:6). Die fisiese liggaam bestaan uit vlees, been en vloeistof. Die liggaam gee die mens 'n wêreldse bewustheid. Deur die liggaam word met die wêreld gekommunikeer (Kent 1998:5-6).

Dit was God se doel om met die mens "EEN" te wees en hulle met mekaar (Gen. 2:24).

Uit bogenoemde kan dus tot die gevolgtrekking geraak word dat daar 'n volmaakte eenheid tussen God en die mens (wat na Sy beeld geskape was) bestaan het. Hulle was in gemeenskap met mekaar, hulle begeertes en belange was dieselfde. Kommunikasie tussen God en die mens en tussen man en vrou was volmaak, daar was geen konflik tussen hulle nie.

2.2.2 Sondeval van die mens

In God se absolute heerskappy en vereiste na onvoorwaardelike gehoorsaamheid, plaas Hy 'n enkele verbod op die eet van die vrug van een van die bome in die tuin (Helberg, 1988:23); vgl. Gen. 2:17. God bied die mens 'n keuse om Hom te gehoorsaam, te vertrou (Marais, 1998:161; Helberg, 1988:24). Die satan het - in die vorm van 'n slang - verby die leierskap van die man direk na die vrou gegaan (Gen. 3:1) wat geskape was om te volg. Hy het Eva verlei deur vir haar te sê dat indien sy van die vrug eet, sy net soos God sou word (MacArthur, 1994:21); vgl. Gen. 3:5.

Waarom het Adam nie gepraat terwyl die slang met Eva in gesprek was nie? (Keathley, 2005:1; Eldredge, 2001:50; Crabb, 1995:11) vgl. Gen. 3:6. Hoekom het hy haar nie gewaarsku nie? Volgens Crabb (1995:12) en Eldredge (2001:50-51) is die stilswye van Adam die begin van die mens se mislukking, dus die eerste kommunikasiesteuring. Lake (2003:5) is van mening dat aangesien Eva geskape was om onderdanig te wees aan Adam - wat sy hoor, het sy haar aan onderwerp - en deur hom beskerm moes word, het Adam deur sy stilswye laat blyk dat hy saamstem met wat die slang sê en Eva daarom laat voortgaan om van die vrug te neem en te eet en self daarvan geëet het.

Gill noem dat Eva met Adam kon argumenteer oor die heerlikheid van die vrug en waarom dit ook vir hom goed sou wees om van die vrug te neem. Volgens Wesley was Adam nie by Eva toe sy die vrug geneem het nie. Hy het hom eers later by Eva aangesluit toe sy dit klaar gedoen het. Navorser skaar hom by Wesley, aangesien die stilswye van Adam toe hy sien wat gebeur reeds sonde sou wees, terwyl die Skrif sê dat die sondeval was toe Adam van die vrug geëet het (Gen. 3:6-7).

Adam is klaarblyklik nie soos Eva deur die satan self versoek nie (Crabb, 1995:11; MacArthur, 1994:142; Kassian, 1990:23). Eva het hom versoek (Gen. 3:6). Gedryf deur sy liefde vir haar het Adam van die vrug geneem (Gen. 3:6). Hy is nie verlei soos Eva nie, hy het presies geweet wat hy doen en het ook die gevolge daarvan geken (Crabb, 1995:11; De Haan, s.a.:23-24); vgl. 1Tim. 2:14). Adam het sonde in sy lewe ontvang. Sonde is

on gehoorsaamheid, ongeloof en ondankbaarheid (Helberg, 1988:25). Sonde is die versuim om te doen wat God beveel of om te doen wat Hy verbied (Adams, 1979:120-121). Dit is ten diepste rebellie teen God. Sonde is wetteloosheid vgl. 1Joh. 3:4. Die Griekse woord wat vertaal is met "wetteloosheid" is *ανomia* en beteken volgens Louw en Nida (1989:758) "*to behave with complete disregard for the laws or regulations of a society - 'to live lawlessly, lawlessness, lawless living.'... 'to live as though there were no laws,' 'to refuse completely to obey the laws,' or 'to live as one who despises all laws.'"* Dit is presies wat met die sondeval gebeur het - 'n verontagsaming van die enigste ordereël waardeur vrede en veiligheid gewaarborg was - en wat as sodanig teen God se orde gerebelleer het.

Die sondeval was nie net 'n geïsoleerde daad van ongehoorsaamheid van Adam en Eva nie, maar 'n ramspoedige gebeurtenis vir die hele skepping (Kassian, 1990:23). Die mens is nie die enigste wat die gevolge daarvan ondervind nie, maar ook die nie-menslike wêreld (Wolters, 1992:43). Die gevolg van die sondeval is dat al Adam se nakomelinge in sonde ontvang en gebore word (Sande, 2002:33; Adams, 1979:140-141); vgl. Rom. 5:12; Rom. 5:19. Adam het homself en al sy nakomelinge hervorm sodat almal nou buite die bedoelde wil van God funksioneer. Die beeld van God in die mens is geskaad (Piper & Grudem, 1991:107; Crabb, 1987:87). Die verhouding wat daar tussen God en die mens en tussen mens en mens was, het verander (Kassian, 1990:23). Daar het 'n verhoudingsbreuk plaasgevind (Sande, 2002:33; Prins, 1982:2; Adams, 1979:140) – vrees en skeiding het ontstaan tussen God en mens. Die mens het mekaar anders gesien as voor die ontvang van sonde (Gen. 3:8) en dit is na en te wyte aan die sondeval dat konflik tussen God en mens en mens en mens ontstaan het (Sande, 2002:33; Oliver & Miller, 1994:151). Die gesprekvoering tussen God en mens en mens en mens was versteur deur ongehoorsaamheid (MacArthur, 1994:21; Crabb, 1992:9; Adams, 1979:147).

2.2.2.1 Die gevolge van die sondeval is volgens MacArthur (1994:22):

- Dood (Gen. 2:17). Adam was gewaarsku dat indien hy van die vrug sou eet, hy sou sterwe, geestelik en fisies Rom. 5:12; Ef. 2:1.
- Pyn en lyding; vgl. Gen. 3:16. Die wonderlike vreugde van om kinders te hê, sal oorweldig wees deur pyn tydens die bevalling.
- Veeleisende werk (Gen. 3:17-19). 'n Man sal moet hard werk ten einde vir sy gesin te kan sorg. Voor die sondeval het die mens ook gewerk, dit was egter nie veeleisend nie, maar in vreugde.
- Struweling in die huwelik (Gen. 3:16).

Die uitwerking van die sondeval was dat die kommunikasie tussen God en die mens en tussen man en vrou versteur is (Kassian, 1990:23). Adam en Eva - wat nie skaamte geken het nie - was nou skaam (Gen. 3:7) en het hulle vir God verberg toe Hy met hulle wou verkeer (Gen. 3:8). Konflik het gevolg: Die man gee die vrou die skuld vir sy daad, die vrou gee weer die slang die skuld. Alhoewel die ongehoorsaamheid van Adam en Eva geen spesifieke verbinding met die huwelik het nie, raak dit tog die huwelik indirek en het direk 'n vernietigende uitwerking op die huwelik (Bromiley, 1981:5).

Die volmaakte eenheid wat daar was tussen God en die mens was verbreek, dit bestaan nie meer nie. Sonde het skeiding gebring in hulle gemeenskap met mekaar - kommunikasie is versteur, verbreek en kon self heeltemal ophou. Konflik was nou aanwesig tussen man en vrou, tussen vrou en slang, tussen mens en God en tussen God en slang.

2.2.3 Verlossing van die mens

Verlos beteken om vry te koop, letterlik "terugkoop" (Wolters, 1992:56). Die sondeval het God nie minder lief gemaak vir die mens nie, Hy het die mens nie verstoot in sy sonde en konflik nie, intendeel, Hy neem die inisiatief en soek die mens in Sy liefde op. God stel vrae aan die mens om hom die geleentheid vir berou en bekering te bied, maar dit gebeur nie (Helberg, 1988:26).

Die vloek wat God oor die slang uitspreek, bevat egter 'n belofte vir die mens: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt" (Gen. 3:15). Die harmonie tussen God en die mens kan alleen herstel word deur die wegneem van die sonde van die mens (Helberg, 1988:27) Gen. 3:15 is 'n profesie verwysende na Jesus Christus wat sou kom om die prys vir die sonde van die mens te betaal om sodoende die verbroke gemeenskap tussen God en die mens te herstel (Unger, 1981:18).

In genade om die skuld en skaamte van die mens weg te neem, maak God vir Adam en Eva rokke van vel (Gen. 3:21). Bloed van 'n dier moes vloei om die vel te kry wat dui op die instelling van die bloedoffer (Unger, 1981:20). Volgens Gen. 4 bring Kaïn 'n offerande van die vrugte-oes en Abel 'n diere-offerande. God, wat hulle motiewe geken het, neem Abel se offer aan en verwerp Kaïn se offer. Die weg waarop die sondige mens na die heilige God kon nader is aangedui: Die weg van bloedoffer, van die dood van 'n dier in die plek van die mens (Alexander *et al*, 1986:25).

Volgens die Ou Testament moes die hoëpriester jaarliks (Ex. 30:10; Lev. 16:18; Hebr. 9:7) met 'n bloed-offer in die teenwoordigheid van God kom om die sonde van die volk te bely. Hierdie gebruik is opgehef nadat Jesus Christus geoffer is aan die kruis en Sy bloed verlossing aan die mens teweeggebring het (Hebr. 9:11-14). Die harmonie tussen God en die mens is herstel deur Jesus Christus, hulle kan nou weer in gemeenskap met God, in 'n herstelde verhouding met Hom verkeer (Sande, 2002:33; Prins, 1982:3). Die versoening in Jesus Christus is die herstel van 'n oorspronklike goeie skepping, m.a.w. verlossing is *herskepping* (Wolters, 1992:10).

God se begeerte is dat Sy liefde vir ons sal manifesteer in die liefde wat ons vir mekaar het (Sande, 2002:34); vgl. Joh. 13:34-35. Die implikasie van die verlossing is dat die mens op grond van dit wat Jesus Christus gedoen het, in gemeenskap met die God die Vader herstel kan word. Deur Jesus Christus se kruisdood en die toepassingswerk van die Heilige Gees kan die mens weer met God kommunikeer en kan man en vrou steuringe in kommunikasie oorwin. Konflik tussen man en vrou kan nou positief hanteer word sodat die Vader verheerlik word daardeur.

Alhoewel Jesus Christus die volle prys aan die kruis vir die sonde van die mens betaal het, duur die gevolge van die sondeval voort. Konflik en kommunikasiesteuringe is deel van die mens se lewe. Slegs in die hiernamaals sal dit weer volmaak wees soos dit God se oorspronklike begeerte was.

2.3 Skrifperspektiewe oor die huwelik

2.3.1 Instelling van die huwelik

Die huwelik is 'n Goddelike instelling (Sumrall, 1995:17; Adams, 1983:18; Prins, 1982:1; Adams, 1972:44) en volgens die Nuwe Testament is die huwelik 'n religieuse instelling wat nie los staan van die mense se geloofsverhouding met God nie (Joubert, 1996:37). Die instelling van die huwelik gaan terug tot by die skepping van die mens (Barnard, 1982:8; Prins, 1982:1; Gispén *et al*, 1958:220). God het Adam na Sy Beeld geskape (Gen. 1:26), 'n gemeenskapsmens (Sumrall, 1995:19; Crabb, 1992:20; Retief, 1990:81; Prins, 1982:5; Christenson, s.a.:15) en in Adam se hart het God 'n hunkering gegee na 'n maat (Sumrall, 1995:19; Louw, 1983a:59; Booyens, 1982:4).

In sy taak om die diere name te gee, het die hunkering na 'n maat sterk binne Adam ontstaan, maar daar was niks in die diereryk wat die hunkering kon bevredig nie (Crabb, 1993:141).

Volgens die Bybelse beskrywing in Genesis het God gesien dat dit nie goed was dat die mens alleen is nie (Gen. 2:18). Hy het Adam in 'n diep slaap laat val en uit een van sy ribbebene vir hom 'n maat gemaak (Gen. 2:21). Toe Adam wakker word, het hy vir die eerste keer 'n vrou gesien, iemand wat wonderbaarlik verskil het van die diere (Crabb, 1993:141). Hulle byeenbring was die samestelling van 'n eenheid, die eerste "huwelik" (Waltke, 2001: 89; Bromiley, 1981:3); vgl. Gen. 2:23-24.

As deel van die basiese skepping van God, het Hy die mens manlik en vroulik gemaak, direk aan mekaar verbonde (Jordaan, 2001:12; Waltke, 2001:89). Dit is deel van God se innigste uiting van Homself (Louw, 1983a:61; Christenson, s.a.:15); vgl. Matt. 19:4; Mark. 10:6. Die huwelik is nie 'n sosiale kontrak tussen twee individue wat na willekeur ontbind kan word nie (Sumrall, 1995:17; Adams, 1972:44; Christenson, s.a.:27). Die huwelik reflekteer iets van die verhouding: Christus-bruid, iets van die innige verbintenis tussen God en die gemeente (Louw, 1983b:89; Christenson, s.a.:27). In Ef. 5:32 skryf Paulus dat die verborgenheid van die huwelik toegepas kan word op Christus en die gemeente. Die manier waarmee 'n man en vrou teenoor mekaar optree in die huwelik, is 'n lewende en sigbare getuigenis van die verhouding tussen Jesus Christus en Sy gemeente (Jordaan, 2001:14).

Prins (1982:18-28) noem vyf oogmerke as die aard van die instelling van die huwelik nl.

- dat twee mense, 'n man en 'n vrou, in die eg verbind word om saam te leef, saam te woon;
- dat twee mense deur God aan mekaar verbind word met 'n band van liefde;
- dat 'n man en vrou deur God saamgevoeg word (Matt. 19:6);
- dat die man sy vader en moeder sal verlaat (Gen. 2:24, Matt. 19:5, Mark. 10:7-8, Ef. 5:31);
- dat die man en vrou mekaar moet aankleef.

'n Huwelik kan slegs gelukkig wees indien daar volgens die wil en doel van God - wat die huwelik ingestel het - gewerk word. As die harmonie in die verhouding met God verbreek word, sal dit in die verhouding tussen die man en vrou ervaar word (Bromiley, 1981:5). In die Mediterreense kulturele wêreld het die man die vernaamste posisie in die huwelik beklee, met sy vrou ondergeskik aan sy gesag. Rabbi's het veral die heersende opvatting oor die huwelik onder die Jode as verpligtend vir die mans beskou. Die primêre doel van die huwelik was, volgens die rabbinistiese siening, om kinders voort te bring (Joubert, 1996:37).

In die meeste huwelike was dit (soms lank) voor die tyd deur die ouers bepaal met wie hulle kinders sou trou. Daar was nie ruimte vir persoonlike voorkeure by die kinders nie, alhoewel van hulle verwag was om in liefde met mekaar te lewe (Joubert, 1996:37).

Jesus Christus het nie die heersende siening rakende die rol van die man in die huwelik gedeel nie, Hy het man en vrou beskou as gelykwaardige skepping van God (Joubert, 1996:39).

2.3.2 Die huwelik soos God dit bedoel het

Die huwelik is bedoel vir één man en één vrou, 'n eenheid van twee persone (Marais, 1998:137; Barnard, 1982:9). Coetzee (2001:10) het die volgende vyf doelstellings vir die huwelik uit die Skrif geformuleer:

- Nie alleen wees nie (Gen. 2:18). Dit is nie goed dat die mens alleen is nie.
- Saamwees as hulpbetoning (Gen. 2:18). Hulp wat by hom pas.
- Volkome oorgawe (Gen. 2:24). Een wees dui op geestelike asook seksuele eenheid.
- Wees vrugbaar en vul die aarde (Gen. 1:28). Uitbrei van die mens op die aarde.
- Heenwys na die ware huwelik. Profetiese heenwys na bruilofsmaal van die Lam.

God se doel met die huwelik word gevind in die stelling wat een keer in die Ou Testament (Gen. 2:24) voor die sondeval, en drie keer in die Nuwe Testament (Matt. 19:5, Mark. 10:7-8 en Ef. 5:31) na die sondeval beskryf word (Mack, 1999:1).

"Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees". Gen. 2:24

Dit is God se bloudruk vir 'n gelukkige huwelik (Mack, 1999:2). Dit behels één man en één vrou in 'n lewenslange verbintenis (Mack, 1999:2). Dit is God se bedoeling dat elke mens 'n lewensmaat sal vind (Christenson, s.a.:15).

➤ Verlaat

Volgens Strong (1984) is die grondbetekenis van die Hebreeuse en Griekse woord vir "verlaat" dieselfde naamlik om te laat staan, te laat vaar:

H5800 זָבַח 'a[^]zab (*aw-zab*) A primitive root; to *loosen*, that is, *relinquish*, *permit*, etc.: - commit self, fail, forsake, fortify, help, leave (destitute, off), refuse, X surely.

G2641 καταλείπω kataleipo^ω (*kat-al-i'-po*) From G2596 and G3007; to *leave down*, that is, *behind*; by implication to *abandon, have remaining*: - forsake, leave, reserve.

Die huwelik is die belangrikste verhouding en daarom is alle ander bande ondergeskik daaraan (Mack, 1999:2; Bromiley, 1981:4). Ouers "verlaat" beteken dus dat die verhouding met ouers radikaal verander. Die ouer-kind verhouding verander na 'n volwasse verhouding (MacArthur, 1994:64) en jou huweliksmat se idees, opvattinge en gebruike is derhalwe belangriker as dié van jou ouers. Jy is nie slaafs van jou ouers afhanklik vir liefde, goedkeuring, raad en bystand nie, maar die man-vrou-verhouding is nou die belangrikste (Mack, 1999:2; Adams, 1972:51). Bande van afhanklik-wees van die ouers word gebreek (Rickerson, 1978:18).

➤ Aankleef

Volgens Strong (1984) is die grondbetekenis van die Hebreeuse en Griekse woord vir "aankleef" dieselfde nl. om geheg te word:

H1692 דָּבַק (*daw-bak*) A primitive root; properly to *impinge*, that is, *cling* or *adhere*; figuratively to *catch* by pursuit: - abide, fast, cleave (fast together), follow close (hard, after), be joined (together), keep (fast), overtake, pursue hard, stick, take.

G4347 προσκολλάω (*pros-kol-lay'-o*) From G4314 and G2853; to *glue to*, that is, (figuratively) to *adhere*: - cleave, join (self).

In die *aankleef* word die man en vrou letterlik aan mekaar gegom, saamgevoeg. God se doel met die huwelik is om 'n man en 'n vrou wat alleen is aan mekaar te verbind (Prins, 1982:33; Rickerson, 1978:18). Mark. 10:9 in die King James Vertaling van die Bybel lees: "*What therefore God hath joined together, ...*" Die veelseggende gebruik van die term "aankleef" is 'n ondubbelsinnige aanduiding dat die huwelik nie ontbind mag word nie (Bromiley, 1981:4).

Die begrippe "verlaat" en "aankleef" stel voor die opbreek van iets wat tydelik (ouer-kind verhouding) is vir iets wat permanent (man-vrou verhouding) is.

➤ Een vlees

"Een vlees" dui weliswaar metafories die eenwording van man en vrou in hul eerste huweliksgemeenskap, maar eindelijk behels dit baie meer as net die huweliksdaad naamlik, dat alles binne die huwelik met mekaar gedeel moet word - hulle liggame, besittings, probleme, geluk ensovoorts (Mack, 1999:6). Man en vrou vorm saam 'n span en wat hulle ookal doen, moet onderling tot voordeel van die ander strek. 'n Man en vrou wat met mekaar getroud is, is nie meer twee individue nie, maar "een vlees" (Mack, 1999:6).

"Een vlees" behels intimiteit van gemeenskap, geestelik en vleeslik (Bromiley, 1981:4). Prediker 9:9 sê dat huweliksmaats mekaar moet geniet in die huwelik. Dit is die wil van die Here dat huweliksmaats so gelukkig sal wees dat hul huwelik 'n vertoonvenster van die hemelse sal wees (Prins, 1982:48).

2.3.3 Huweliksliefde

Huweliksliefde word in vier aspekte onderskei wat saam 'n eenheid vorm nl. *sexus*, *eros*, *philia* en *agape* (Louw, 1983b:50).

➤ *Sexus*

Die aspek van huweliksliefde dui op die liggaamlike, die seksdrang. Dit het te make met die biologiese gee van geslagtelikheid en die daarmee gepaardgaande lusbeleding (Louw, 1983b:50-51).

➤ *Erōs*

Die aspek van huweliksliefde wat op die emosionele karakter daarvan dui, is in hierdie Griekse woord opgesluit. Verlieftheid is 'n bestanddeel van die liefde. *Erōs* is die drang tot waardering en die begeerte van hartstog wat roep na emosionele vervulling. Dit soek die goeie en mooi in die ander. Dit is ook die romantiese hunkering na die persoon van jou liefde. Verder is dit ook die begeerte tot besit en bevrediging op grond van dit wat die ander een is en jou kan bied (Louw, 1983b:50-51, 55).

➤ *Philia*

Hierdie aspek van huweliksliefde dui op die bondgenootskap, vriendskap en kameraadskap. Dit gaan oor wat binne die huwelik gedeel kan word en dui op kwaliteite wat minder van die *self* afhanklik is en meer aan die *ons* gebonde is (Louw, 1983b:55). Dit is vriendskapsliefde, maats-wees vir mekaar (De Bruyn, 1993:115). Hierdie woord vir liefde word nie in die Skrif gebruik as 'n eis vir die man teenoor sy vrou nie, maar wél vir die vrou teenoor haar man (De Bruin, 1993:185); vgl. Tit. 2:4.

➤ *Agápē*

Die "oortreffende" aspek van huweliksliefde kan die beste beskryf word as dat dit onbaatsugtig, opofferend en dienend is. *Agápē* dui die unieke verhouding aan waarin God drieënig tot die mens staan (Louw, 1983b:56). Dit is nie 'n liefde omdat nie, maar liefde ondanks, dit is die liefde wat 'n man en vrou vir mekaar moet hê (De Bruyn, 1993:115), maar spesifiek ook wat mans vir hulle vrouens moet hê (De Bruin, 1993:186); vgl. Ef. 5:25, 28.

2.3.4 Rol van die vrou in die huwelik

Soos dit vir die man geld, is dit ook van die vrou waar dat sy moet weet wat haar rol in die huwelik volgens die Bybel is alvorens eenheid vervul kan word (Mack, 1999:16). In die Nuwe Testament word die vrou dikwels gemaan om liefdevol, met eerbied in onderdanigheid aan haar man gehoorsaam te wees (Mack, 1999:17). In Ef. 5:22 word vrouens aangesê om onderdanig te wees aan hulle mans. Die King James vertaling van die Bybel gebruik die woord "*submit*". Wat die betekenis van die woord betref, stel MacArthur (1994:54) dat dit is "*Interesting to note that the verb translated 'submit' has a softened force since it does not actually appear in the original Greek text - its meaning is implied from verse 21.*"

Om dus te verstaan wat word met "Vroue wees aan julle eie mans onderdanig" (Ef. 5:22) bedoel, moet gekyk word na die betekenis van die woord "onderdanig" in Ef. 5:21 (Dreyer, 1996:96; MacArthur, 1994:33). Die Griekse woord vir onderdanig is *υποτάσσω* en beteken "*to submit to the orders or directives of someone - to obey: - to submit to, obedience, obedience, submission*" (Louw & Nida, 1989:468). Die woord gee uitdrukking aan die gedagte van om "afstand te doen van een se regte" (MacArthur, 1994:33). Volgens Smit (2000) beteken die woord onderdanigheid "om jou te skik onder". Paulus vermaan elkeen om aan mekaar onderdanig te wees in die vrees van die Here (Dreyer, 1996:96); vgl. Ef. 5:21. Onderdanigheid beteken in geen opsig dat daar 'n verskil in waarde van enige persoon is nie,

maar verwys na iemand se gewilligheid om afstand te doen van sy/haar regte (Du Plessis, 2004:2; MacArthur, 1994:54). Onderdanigheid berus nie op uiterlike vorme nie, maar op 'n innerlike gesindheid (Du Plessis, 2004:2; Christenson, s.a.:40). Onderdanigheid is dus nie net op die vrou van toepassing nie, maar op elke gelowige (Mack, 1999:16).

As die Skrif dus aan die vrou sê: "wees aan julle eie mans onderdanig" (Ef. 5:22), word bedoel dat vroue (net soos in die geval van kinders van die Here teenoor mekaar) uit hul eie vrye wil afstand moet doen van hul regte aan hulle mans. Elliot gee 'n goeie samevatting van wat God se ideaal vir 'n vrou is (vgl. Piper & Grudem, 1991:398):

"Unlike Eve, whose response to God was calculating and self-serving, the virgin Mary's answer holds no hesitation about risks or losses or the interruption of her own plans. It is an utter and unconditional self-giving: 'I am the Lord's servant May it be to me as you have said' (Luke 1:38). This is what I understand to be the essence of femininity. It means surrender.

Think of a bride. She surrenders her independence, her name, her destiny, her will, herself to the bridegroom in marriage The gentle and quiet spirit of which Peter speaks, calling it 'of great worth in God's sight' (1Pet. 3:4), is the true femininity, which found its epitome in Mary."

'n Vrou word nie in die Skrif beveel om haar man te gehoorsaam soos in die geval van kinders wat hulle ouers moet gehoorsaam of soos diensknegte aan hul here gehoorsaam moet wees nie. Die Here bied die vrou die geleentheid om uit eie wilsbesluit en vrywilliglik die onderdanige rol te kies soos Jesus Christus tewens gekies het om aan God die Vader onderdanig te wees (MacArthur, 1994:54; Christenson, s.a.:30). Volgens Le Roux (2000:5) beteken "om onderdanig te wees" om jouself gewillig onder iemand anders se gesag te plaas. Onderdanigheid van die vrou aan die man spruit uit respek en hoogagting (Dreyer, 1996:100). Die Skrif beveel nie die man om sy vrou tot onderdanigheid te dwing nie, dit is haar verantwoordelikheid (Mack, 1999:18; Piper & Grudem, 1991:169); vgl. Ef. 5:22; 1Pet. 3:1. In onderdanigheid geniet die vrou die beskerming van haar man (Lake, 2003:1) teen liggaamlike - asook emosionele aanranding. Onderdanigheid kweek by die kinders 'n sin van eerbied teenoor die vrou (Christenson, s.a.:33).

2.3.5 Rol van die man in die huwelik

Eenheid in die huwelik kan slegs vervul word as die man weet watter rol hy volgens die Bybel moet vervul (Mack, 1999:31). 'n Prominente element in die Skrif aangaande die rol van die man in die huwelik is liefde (MacArthur, 1994:57; Adams, 1983:117).

2.3.5.1 Die man moet sy vrou liefhê

Die Bybel se opdrag aan getroude mans is "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê ..." (Ef. 5:25; Ef. 5:33; Kol. 3:19). In God se liefde vir Sy kerk vind die man 'n model van wat die liefde is wat hy vir sy vrou moet hê (Dreyer, 1996:, 97; MacArthur, 1994:57). Die liefde word deur God gewerk, dit is ten diepste *agápé-liefde*. Alhoewel van *agápé-liefde* in die huwelik gepraat word, is dit nie dieselfde as God se liefde nie (2.3.3.4) vgl. Joh. 21:15-17. Die versoenende liefde van God kan nie deur 'n mens nagmaak word nie (Louw, 1983b:57).

MacArthur (1994:57-65) noem dat die liefde wat 'n man vir sy vrou moet hê op vier maniere manifesteer:

2.3.5.1.1 Opofferende liefde

Jesus Christus het Homself vir die gemeente opgeoffer (Joubert, 1996:44; Dreyer, 1996:97); vgl. Ef. 5:25. In Rom. 5:7-8 lees ons van die diepte van liefde wat Jesus Christus vir die kerk het: "Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."

God se liefde is aan ons bewys deur Jesus Christus wat vir ons gesterf het toe ons in sonde was, in die ware sin van die woord sy vyande was (Rom. 5:10). Geen mens verdien hierdie liefde nie, tog het God in Jesus Christus Hom vir die mens opgeoffer. By God is daar geen aanneming van die persoon nie (Rom. 2:11), en hy verwag ook nie dat die persoon 'n "waardige" ontvanger moet wees nie (MacArthur, 1994:57); vgl. Rom. 2:11; Joh. 3:16. Die kerk is nie glorieryk nie, dit is die liefde van Jesus Christus wat eienskappe by die kerk na vore bring wat sy nie vanself gehad het nie, Jesus Christus se liefde transformeer haar, is gerig op haar beswil (Dreyer, 1996:98).

Die Skrif beveel nie die man om sy vrou lief te hê omdat sy dit verdien nie, die man moet sy vrou liefhê al verdien sy dit nie. Die liefde is nie 'n saak van aantreklikheid nie, dit is 'n bindende opdrag van God. Om lief te hê soos Jesus Christus liefhet, is nie afhanklik van die verdienstelikheid van 'n ander persoon nie. Die man wat sy vrou liefhet soos Jesus Christus die gemeente het, sal alles vir haar gee, selfs sy lewe indien nodig (MacArthur, 1994:59). Die liefde soek nie sy eie belang nie (1Kor. 13:5), maar soek om te gee (Fil. 2:3-4). Die liefde is selfloos en opofferend, gefokus op die huweliksmat se behoefte en belange (Joubert, 1996:44).

2.3.5.1.2 Heilige liefde

Jesus Christus het Hom in liefde aan die kerk geoffer met die doel om dit te heilig.

"Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees." Ef. 5:25-27

Dit is heilige liefde. As jy iemand liefhet met heilige liefde, is daardie persoon se heiligheid jou doelwit. Jy kan nie 'n persoon liefhê en terselfdertyd onteer nie (MacArthur, 1994:60). Alhoewel Jesus Christus die kerk baie liefhet, kan en maak Hy nie kompromie met enige sonde daarvan nie, maar wil intendeel die kerk van alle sonde reinig. Soos die kerk dan die sonde bely, so reinig Hy (1Joh.1:9).

Liefde begeer net die beste vir die een wat bemin word. Ongeag van haar vorige verhoudings, wat dit ookal mag wees, die liefde van die man in die huwelik ruk haar uit en reinig haar daarvan. Die man sal haar heiligheid en redding soek (MacArthur, 1994:61).

2.3.5.1.3 Omgee-liefde

"So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand

het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente." Ef. 5:28-29

Wanneer daar 'n fisiese behoefte by die man ontstaan, sal hy met ywer enigiets doen om dit te bevredig. Net so moet die man ook met dieselfde ywer die behoefte/s wat by sy vrou bestaan bevredig (MacArthur, 1994:62). 'n Vrou is 'n Godgegewe gawe wat deur die man versorg moet word (Spr. 18:22). Die betekenis van die Griekse woord wat as "koester" vertaal is, beteken letterlik *"to warm with body heat"*. Dit word gebruik om 'n voël op haar nes te beskryf (MacArthur, 1994:62); vgl. Deut. 22:6. Mans moet dus 'n sekere, veilige, warm huis vir hul eggenote skep.

Paulus waarsku mans om hul vroue lief te hê en nie teen hulle verbitter te word nie (Kol. 3:19). Die gedagte hiervan is dat die liefde waarmee die huwelik begin is, deur die huwelik sal voortduur, dit mag nie plek maak vir bitterheid nie. Mans mag nooit hard of beledigend teenoor hulle vrouens wees nie (MacArthur, 1994:62-63).

2.3.5.1.4 Onophoudelike liefde

Vir 'n man om sy vrou lief te hê soos Jesus Christus die kerk liefhet, is om haar lief te hê met onophoudelike liefde. Met die direkte aanhaling van Gen. 2:24 in Ef. 5:31 beklemtoon Paulus die onophoudelikheid asook eenheid in die huwelik. God se standaard het nie verander nie (MacArthur, 1994:64) - die huwelik is 'n instelling wat nie gebreek mag word nie.

Die man in wie se huwelik hy die liefde ervaar soos bogenoemde sal ervaar dat sy vrou aan hom onderdanig wil wees (Kassian, 1990:62), dat daar goeie kommunikasie en respek is. Hulle huwelik sal waardig aan die Here Jesus wees - Vgl. Ef. 5:32-33, want dit is die liefde wat Jesus Christus vir Sy Kerk het. Die liefde wat God vir ons het, gaan ons verstand te bowe, ons kan dit nie werklik verstaan nie (Ef. 3:18-19).

Mack (1999:40-41) noem agt eienskappe van die liefde van God waaraan die man hom kan meet:

- Onvoorwaardelike liefde (Rom. 5:8).
- Vrywillige liefde (Ef. 1:6-9; Deut. 7:7).
- Intense liefde (Joh. 13:1; Ef. 5:2, 25).

- Nimmereindigende liefde (Joh. 13:1; Jer. 31:3; Rom. 8:38-39).
- Onselfsugtige liefde (Fil. 2:6-7).
- Doelgerigte liefde (Ef. 5:26-27).
- Opofferende liefde (Ef. 5:2, 25; Gal. 2:20; 1Pet. 3:18).
- Geopenbaarde liefde (Joh. 10:1-14; Rom. 8:32).

Die liefde van 'n man vir sy vrou is meer as net 'n gevoel. Die liefde is opofferend, dit géé (Sumrall, 1995:25). Liefde is daarby die verantwoordelikheid van die man, hy moet dit inisieer, hy moet dit in stand hou en hy moet toesien dat die liefde in die huwelik groei. Die Nuwe Testament beveel nie die vrou aan om haar man lief te hê nie, terwyl net in Efesiërs 5 die man nie minder nie as vier keer beveel word om lief te hê (Adams, 1983:117). Die Kerk het Jesus Christus lief omdat Hy eerste liefgehad het (1Joh. 4:19).

2.3.5.2 Die man is die hoof van die vrou

Die man is die hoof van die vrou soos Christus die Hoof is van die gemeente (Ef. 5:23). Die karaktertrekke van Christus se Hoofskap is opofferende liefde (Kassian, 1990:60). In Ef. 1:22 word die Hoofskap van Jesus Christus beskryf as "ter wille van die gemeente". In dié rolmodel leer die man dus dat alles wat hy doen, hy moet doen ter wille van die vrou. Alle besluite wat deur die man geneem word, moet wees met die belang en sorg van die sy vrou in gedagte (Kassian, 1990:54-55; Adams, 1983:118; Mack, 1983:25). In hierdie verband is die voorbeeld van die Here merkwaardig, naamlik dat hy as Hoof ook (en veral) 'n dienaar by uitstek gewees het. Sy woorde dat hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (Matt. 20:28; Joh. 13:1-15; Fil. 2:7) staan as die tydlose stelling van ware omgee.

Mack (1999:34-37) noem vier eienskappe van Jesus Christus as Denaar.

- Jesus Christus het volgehoue kontak met Sy dissipels beoefen.
- Hy het Sy dissipels onderrig.
- Hy het Sy dissipels gelei deur goeie voorbeeld.
- Hy het Sy dissipels gelei deur beslissings te maak en aan hulle verantwoordelikhede oorgedra.

Die hoofskap van die man oor die vrou in die huwelik is dus *dienend* van aard (Joubert, 1996:44). Die man moet as hoof van die vrou haar dien deur kwaliteittyd met haar te spandeer, haar uit die Skrif te onderrig, vir haar 'n goeie voorbeeld te stel en in sy huis besluite te neem, verantwoordelikheid te dra en te deleger (Mack, 1999:37). Mans moet

hulle mag en gesag as hoof van die vrou vervul deur selflose dade van liefde (Dreyer, 1996:100).

2.3.5.2.1 Tyd met haar spandeer.

Petrus beveel mans in 1Pet. 3:7 aan om met hulle vroue saam te leef:

"Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is - sodat julle gebede nie verhinder mag word nie."

Die woord wat vertaal word met "saamlewe" dra dieselfde gedagte oor as die woord wat in Kol. 3:16 en Ef. 3:17 gebruik word: "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid." (Kol. 3:16) en ook in die Kolossense se sustersbrief "... sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon,... " (Ef. 3:16)

Wat die kind van die Here dus met die Woord moet doen, moet die man met sy vrou in die huis doen (Mack, 1999:34-36), verstandig met haar saamlewe, by haar inwoon.

2.3.5.2.2 Haar te onderrig uit die Skrif.

Vir die man moet sy vrou se geestelike behoefte sy hoogste prioriteit wees. Dit moet vir hom die belangrikste saak wees dat haar verhouding met haar Heer reg moet wees (Christenson, s.a.:129-130). Vir die man dus om hierna om te sien, is dit noodsaaklik vir hom dat sy verhouding met Jesus Christus reg sal wees.

2.3.5.2.3 Vir haar 'n goeie voorbeeld te stel.

Die man moet ter wille van sy vrou die kruisweg voor haar uit bewandel. Hy moet deur sy voorbeeld aan haar toon wat dit beteken om in jouself te sterf. Die man dryf of lei nie sy vrou nie, hy moet haar na Jesus Christus trek deur sy lewe (Christenson, s.a.:132-133).

2.3.5.2.4 In sy huis besluite te neem, verantwoordelikheid te dra en te delegeer.

Om besluite in die huis te neem, verantwoordelikheid te dra en te delegeer, beteken nie dat die man sy opinie op die vrou moet afdruk sonder om haar gevoelens in ag te neem nie. Dit beteken juis dat hy die verantwoordelikheid neem en dat hy van sy pligte en

verantwoordelikhede deleger. Hierin word die vrou nie die besluitnemer nie - dit bly die man se verantwoordelikheid. Die vrou is medebesluitnemer (Mack, 1999:37).

2.3.5.2.5 Sagmoedigheid

In die hantering van die man teenoor sy vrou (Ef. 5:29) gebruik die King James vertaling van die Bybel van die sagste Engelse woorde vir die Griekse woorde *εκτρέφω* (*ektrophō*) "*nourisheth*" en *θάλλω* (*thal-pō*) "*cherisheth*" (Burke, 2000:72-73; Dake, 1981:NT 211; Adams, 1983:119). Die man moet sy vrou hanteer soos wat iemand 'n breekbare vaas sal hanteer, met uiterste sorg en versigtigheid. Die man se verantwoordelikheid is om in sagmoedigheid sy vrou te beskerm, besorg oor haar te wees en haar te versorg terwyl die Skrif dit nie van die vrou verwag teenoor haar man nie (Adams, 1983:119).

As die man hierdie rol vervul, sal hy ervaar dat hy met God kan kommunikeer en dat sy gebede verhoor word. Hy sal ervaar dat hy 'n vrou het wat hom respekteer en liefhet.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar 'n drastiese verskil in die rolle van die man en die vrou in die huwelik is. Hieruit kan dus die gevolgtrekking gemaak word dat, indien hulle nie hul onderskeie rolle in die huwelik verstaan en nakom nie, dit 'n oorsaak vir kommunikasiesteuringe en konflik kan wees.

2.4 Skrifperspektiewe oor kommunikasie

In die skepping van die mens na die Beeld van God besit die mens unieke eienskappe om God te aanbid en te verheerlik deur hulle verhouding met mekaar. Die mens besit die vermoë om te dink en mondeling te kommunikeer (Mack, 1991:79; Johannesen, 1990:90). Die gesproke woord is die algemeenste Godgegewe manier waardeur die mens homself kan uitdruk (Kent, 1998:1).

Mack (1991:79-80) verwys na die volgende Skrifgedeeltes as bewys daarvan dat God die mens aanmoedig om goed en effektief te kommunikeer:

- Spr. 10:11 "Die mond van die regverdige is 'n fontein van lewe, ... "
- Spr. 10: 21 "Die lippe van die regverdige help baie mense reg; ... "
- Spr. 10:31 "Die mond van die regverdige laat wysheid uitspruit, ... "
- Spr. 12:18 " ... maar die tong van die wyse is genesing."
- Ef. 5:19 "Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; ... "
- 1 Thess. 4:18 "Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."

2.4.1 Definisie van kommunikasie

Kommunikasie is volgens Knouwds (2001:66) die proses waardeur 'n huweliksmaat sy/haar maat help om sy/haar unieke leefwêreld te ontdek of waardeur 'n huweliksmaat soek om sy/haar unieke leefwêreld te verstaan. Barnard (1982:41) se definisie van kommunikasie is: "Kommunikasie is die proses of metode waardeur ons onself, ons lewens en allerlei inligting met mekaar deel en aan mekaar bekend maak - met of sonder woorde - op so 'n wyse dat ons mekaar verstaan".

Mack (1991:55) se definisie van effektiewe kommunikasie is

...the process of sharing information with another person in such a way that the sender's message is understood as he intended it. Unless the sender and receiver have come to a common meaning, they haven't communicated effectively.

Kommunikasie volgens Nicol (2000:46) is om

- te gee van jouself;
- te ontvang van die ander;
- te deel met mekaar; en
- kontak te maak en 'n ander mens te ervaar.

'n Goeie beginsel en standaard, selfs definisie vir kommunikasie in die Skrif is die imperatief in Ef. 4:29 "Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."

Kommunikasie is dus die proses waardeur mense hulleself, hulle gedagtes en hulle gevoelens op so 'n wyse aan mekaar meedeel dat die ander die meedeling kan verstaan, dit aanvaar en dat hulle daardeur opgebou word. Kommunikasie het nie net met die gesproke woord te doen nie. Die gesproke woord word vergesel van stemtoon, liggaamsgebare ("lyftaal") en die agtergrond waarteen of die konteks waarbinne die kommunikasie geskied.

2.4.2 Elemente in kommunikasie

In die antieke Mediterreense kultuur, die kulturele bakermat waarbinne die Bybel ontstaan het, is kommunikasie weerspieël deur die afbeelding van die mond en ore, die kommunikatiewe faset van die fisieke samestelling van die mens. Mediterreners was intens

ingestel op reinheid en, in Joodse milieu, veral reinheid van die mond. Die reinheid van die mond was op twee maniere bewaar nl. om te sensor wat ingaan (kos) en wat uitgaan (spraak). Spraak, wat deur die mond uitgaan, moes dus soos die voedsel wat deur die mond ingaan, rein wees (Pilch & Malina, 1993:25). Die inhoud van die Skrif rakende kommunikasie is dus baie veelseggend. Kardinale elemente in kommunikasie is "praat", "luister", "antwoord" en "stilbly". Organe wat met praat, luister, antwoord en stilbly te doen het, is die "tong", "mond" en "oor". Die Spreuke bevat heelwat hieroor:

2.4.2.1 Praat

In die boek Spreuke beklee "praat" 'n belangrike rol (Kassis, 1999:116; Whybray, 1995:140). Skladny noem dat in hoofstukke 10:1-22:16 en 15-29 meer as twintig persent van die Spreuke op een of ander manier te doen het met die gesproke woord en die krag daarvan (vgl. Kassis, 1999:116; Whybray, 1995:140). Dit blyk dus dat "praat" 'n belangrike rol in die daaglikse lewe van die mense in die Bybeltyd gespeel het. Dit is steeds waar. Daar gaan nie 'n dag verby waarin mense nie met mekaar praat nie.

Die twee organe wat in Spreuke gebruik word verwysend na praat is die "tong" en "mond". Volgens Kassis (1999:117, 124) word die woord "tong" (פה *peh*) gebruik as die orgaan wat "uitdrukking gee aan gedagtes" terwyl die konteks waarin die woord "mond" (לשנה לשון *law-shone', law-shone', lesh-o-naw'*) gebruik word, is om "woorde te bewaar".

In Spreuke word die tong as "uitgesoekte silwer" beskryf (Spr. 10:20) "genesing" (Spr. 12:18) en "lewe en dood" (Spr. 18:21; vgl. Spr. 15:4). Die mond word beskryf as die bron van "wysheid" (Spr. 10:31); "versadiging" (Spr. 12:14; 13:2 & 18:20); "lewe" (Spr. 10:11 & 12:6) en "blydskap" (Spr. 15: 23). Hierdie beskrywings wys daarop en bring die besef mee dat praat nie 'ydell' mag wees nie, as't ware leë, byna-betekenislose woorde wat die lug ingestuur word nie, maar dat dit 'n uiters betekenisvolle fakulteit van mens wees is wat 'n kragtige effek in die lewens van ander kan hê.

Spr. 15:28 & 16:21, 23 stel weer 'n verhouding tussen die tong en die hart. Volgens Strong (1984) word die Hebreeuse woord לב *labe* wat vertaal is as "hart" in Spreuke gebruik vir gevoel, wil en intellek:

H3820 לב *leḅ labe* A form of H3824; the heart; also used (figuratively) very widely for the *feelings, the will* and even the *intellect*; likewise for the centre of anything: - + care for,

comfortably, consent, X considered, courag [-eous], friend [-ly],
([broken-], [hard-], [merry-], [stiff-], [stout-], double) heart ([-
ed]), X heed, X I, kindly, midst, mind (-ed), X regard ([-ed]), X
themselves, X unawares, understanding, X well, willingly,
wisdom.

Dit dui op die spil waarom alles draai, die gedagtes. Gevoel is die grondslag van kommunikasie (Kent, 1998:46). Volgens Kassis (1999:117-118) en Lawson (1980:127) gee die tong uitdrukking aan dit wat in die hart (gedagtes) van die mens is (Spr. 10:31), tereg, soos die Afrikaanse spreekwoord lui, "waar die hart van vol is, loop die mond van oor." Knouwds (2001:73) bevestig dit as hy voorstel dat alvorens iemand met sy of haar maat kommunikeer, jy eers jou binnewêreld moet ken, jy eers moet weet wat in jou hart aangaan. Rosenzweig (1992:49) stel dat indien iemand nie in staat is om sy volle gevoel oor te dra aan iemand anders nie, kommunikasie slegs gedeeltelik is. Doeltreffende kommunikasie volgens Kettermen (2001:69) beteken dat woorde en emosie van die een wat praat akkuraat oorgedra moet word aan die een wat luister. Om dus reg te kan praat, moet jy jouself, jou gevoel verstaan en jou hart reg wees. Die waarde van reg praat op die spreker kan gesien word in die vrug van die tong (Kassis, 1999:116; Murphy, 1998:258); vgl. Spr. 12:14; 13:2 & 18:20.

Wat die integriteit van praat betref, kom skinder en die hou van 'n geheim in Spreuke in dieselfde konteks voor. Spreuke beskou skinder en die openbaar maak van 'n geheim as negatief (Kassis, 1999:139); vgl. Spr. 11:13; Spr. 20:19; Spr. 25:9-10. Hierdie handeling moet nie net ernstig verniy word nie, maar ook die persone wat hulle daaraan skuldig maak (Spr. 20:19). Selfs 'n geskil moet geheim gehou word (Spr. 11:12). Die reinheid van spraak in die Skrif is belangrik. In twee gebooe word dit uitgelig (Ex. 20:7, 16; Deut. 5:11,20) asook in die bergpredikasie (Matt. 5:33-37).

Praat het 'n invloed op die individu asook op die gemeenskap. Dit beïnvloed die verhouding tussen mense op alle vlakke van die samelewing (Whybray, 1995:140). Spr. 15:1 en Spr. 25:15 gee uitdrukking aan die positiewe mag van 'n sagte woorde. Spr. 16:24 verwys na 'n vriendelike woord as 'n "heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente". Spr. 15:23 & 25:11 wys op die waarde van praat op die regte tyd.

As aansluiting by Spr. 21:23 wat aanmoedig om die tong en mond te bewaar, waarsku Spr. 10:19 teen die oorfloed, oordadigheid van woorde: waar daar baie gepraat word, maak dit die kanse om te sondig groter (Kassis, 1999:132-133; Murphy, 1998:75).

Onverskillige en oneerlike woorde het 'n negatiewe en wrede invloed op mense (Hubbard, 1989:405); vgl. Spr. 11:9; Spr. 12:18; Spr. 15:4; Spr. 18:8; Spr. 18:21. Onverskillige praat is 'n bron van skade vir die spreker (Spr. 10:14; Spr. 18:7) en dit kan sy lewe kos (Spr. 13:3). Die invloed wat praat het, strek verder as net die skade aan die spreker self, dit strek tot by die gemeenskap (Spr. 11:9). Die effek van onverskillige praat kan in verskillende vorms wees nl. -

- toorn wat opkom en woede (Spr. 15:1) wat lei tot twis (Spr. 30:32-33);
- geweld van dood (Spr. 12:6);
- vernietiging van vriendskappe (Spr. 11:9).

Lewe en dood is in die mag van die tong (Spr. 18:21) - die tong is 'n dodelike wapen, soos 'n swaard (Spr. 25:18). Onverskillige woorde kan erger dinge doen as wapens (Hubbard, 1989:404; Lawson, 1980:448). Dit wat dus uit die mond van 'n kind van die Here gaan, moet binne die voorskrifte van God wees - opbouend vir beide sender en ontvanger van die boodskap.

2.4.2.2 Luister

Die gesproke woord is een helfte van kommunikasie, die ander helfte is luister.

Kommunikasie begin eers wanneer die ontvanger van die boodskap gereed is om te luister (Kent, 1998:69). Spr. 25:12 en Spr. 28:9 beskryf die oor as die orgaan om te luister en gehoorsaamheid (Kassis, 1999:125); vgl. Spr. 2:2; Spr. 4:20; Spr. 5:1; Spr. 22:17. Volgens Strong (1984) is die Hebreeuse woorde wat vertaal is as "luister" שמע *shaw-mah'* en קשב *kaw-shab.'*

H8085 שמע *shâma'* *shaw-mah'* A primitive root; to hear intelligently (often with implication of attention, obedience, etc.; causatively to tell, etc.): - X attentively, call (gather) together, X carefully, X certainly, consent, consider, be content, declare, X diligently, discern, give ear, (cause to, let, make to) hear (-ken, tell), X indeed, listen, make (a) noise, (be) obedient, obey, perceive, (make a) proclaim (-ation), publish, regard, report, shew (forth), (make a) sound, X surely, tell, understand, whosoever [heareth], witness.

H7181 קָשַׁב qāshab kaw-shab' A primitive root; to prick up the ears, that is, hearken: - attend, (cause to) hear (-ken), give heed, incline, mark (well), regard.

Die luister is dus nie soos die gesegde dit stel dat iemand "hoor, maar nie luister nie", maar juis om jou op dit wat gesê word in te stel, jou ore te spits en met aandag te luister. In dié luister is die gevoel, verstand en lyftaal van die ontvanger van die boodskap betrokke (Hughes, 2002:57; Coetzee, 2000:9). Ketterman (2001:70) noem dat daar twee vlakke van luister is, naamlik om die woorde te hoor en hulle betekenis te verstaan, dit verg dink. Volgens Wallace (2000:2) is daar 'n verskil tussen hoor en luister: *hoor* is volgens hom passief, dit is net die waarneem van klanke terwyl luister *hoor* is om te verstaan wat die boodskap is. Iemand wat reg kan luister, kan gewoonweg ook goed praat. In kommunikasie is die luisteraar dus aktief betrokke by die sender van die boodskap. Soos in die geval van die mond wat rein moes wees in dit wat in- of uitgaan, was dit ook met die ore gesteld (Pilch & Malina, 1993:26). Die luisteraar moet waak teen enige onreinheid wat ingaan (Spr. 2:1-2; Spr. 5:1; Spr. 18:15) - kinders van die Here moet versigtig wees waarna hulle luister, want dit wat gehoor word het, 'n invloed op die hart.

2.4.2.3 Antwoord

Volgens wat beskryf word in Spr. 15:28 en Spr. 29:20 word haastige woorde bestraf. Die aanmoediging is dat daar versigtig en stadig op 'n ander se woord gereageer moet word (vgl. Spr. 18:13). In Spr. 15:28 is die letterlike betekenis van die woord הִגַּה (ha^{ga}^h) wat vertaal is as "dink na": "versigtig woorde oordink, woorde weeg" (Kassis, 1999:134-135; Strong, 1984).

Om die waarheid te praat en die regte antwoorde te gee, het 'n merkwaardig positiewe uitwerking op 'n verhouding (Spr. 24:26) vgl. Spr. 16:13 en Spr. 23:16. Onwaardige lippe is vir God 'n gruwel (Spr. 12:22) en 'n leuen is nie standhoudend nie Spr. 12:19 (Kassis, 1999:142-144). Daarenteen gee God die regte antwoord (Spr. 16:1). Spr. 16:9 wys die mens se afhanklikheid van God uit vir die regte woorde en antwoorde. In kommunikasie moet die kind van die Here hom vertrou vir die regte antwoord.

2.4.2.4 Stilbly

Die gesegde "stilbly is ook 'n antwoord" is gewild by die meeste mense. Baiekeer het dit egter die betekenis van om met 'n dikmond 'n moedswillige stilte te handhaaf – om ongemak

by iemand anders te laat ontstaan. Dit is 'n verkeerde soort stilbly. Daar is egter 'n regte stilbly soos in Spr. 17:28 waar stilbly die positiewe handeling van 'n sot sou wees om sy onkunde weg te steek. 'n Regte stilbly kan ook wees om na te dink op wat om te antwoord (Spr. 15:28) - dit sluit respek in (Kassis, 1999:148). Nog 'n gebruik van 'swygreg' is om konflik te vermy. Dit is, eweneens, nie korrek nie, maar om ooreenkomstig Spr. 10:19; 11:12 & 30:32-33 stil te bly, is 'n aanduiding van begrip en heilige gedrag (Kassis, 1999:123).

2.4.3 Ideaal in kommunikasie

Die ideaal in kommunikasie is om 'n boodskap so te stuur dat al die inligting ontvang word sonder dat daar inligting verlore gaan of versteur word (Broderick, 1979:51). Effektiewe kommunikasievaardighede soos beskryf in Jak 1:19 kan met inspanning en oefening aangeleer word (Kent, 1998:14). In Jak. 1:19 lees ons: "So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word." Vanuit beide 'n strategiese oogpunt asook wyse kommunikasievaardighede moet dit ter harte geneem word:

2.4.3.1 Stadig om te praat

Wanneer tyd geneem word om die omstandighede en gevoelens te evalueer, gedagtes gerangskik word en woorde van waarheid gepraat word, sal daar min seergemaak word, misverstand ontstaan of verwydering plaasvind (Kent, 1998:21).

2.4.3.2 Gou wees om te hoor

Daar is baie verskillende stemme met vele inhoude wat aandrang om gehoor te word. Daar moet tyd geneem word om so te luister dat die woorde en gevoelens met begrip opgeneem word (Kent, 1998:21).

2.4.3.3 Stadig om toornig te word

Wees stadig om verontwaardig te voel. As daar in oorgevoeligheid aan gevoelens van verontwaardiging toegegee word, kan kommunikasie feitlik nie slaag nie. Die vrug van die Gees in Gal. 5:22 word in liefde bevat en voortgebring en die kronende vrug, die uiterste en beste vertoning van ware liefde, is selfbeheersing. Tereg sê die Spreukeskrywer (29:11) dat 'n dwaas laat sy toorn uitvaar.

Wanneer daar goeie kommunikasie in die huwelik is, sal daar, konsekwent, eenheid wees (Mack, 1999:55). Die Skrif gee aan ons leiding van hoe om te kommunikeer ten einde

eenheid in verhoudinge te ervaar (Forrey, 2001:1). Christelike kommunikasie is die basiese vaardigheid wat nodig is om 'n goeie verhouding te kweek. 'n Innige verhouding tussen 'n man en vrou is onmoontlik tensy hulle behoorlik met mekaar kommunikeer (Adams, 1972:27-28). Kommunikasie is die kern van enige verhouding en is uiters belangrik (Broderick, 1979:51; Adams, 1972:27). Dit is onmoontlik om deur die lewe te gaan sonder om te kommunikeer (Van Schalkwyk, 1982:3).

Alpaslan (1997:258-259) verwys na 'n bewuswordingswiel gedurende kommunikasie. Die wiel bestaan uit die volgende speke:

➤ Waarneming

Boodskappe kom van buite af deur sintuie (hoor, sien, ruik, proe en tas).

➤ Interpretasie

Dit verwys na die interpretasie wat gemaak word op grond van die boodskap wat sintuiglik en deur waarneming ontvang is (indrukke wat gevorm word, oortuigings, gevolgtrekkings, aannames, gedagtes, opinies, verwagtinge en evaluering).

➤ Gevoelens

Na aanleiding van die boodskap wat bereik is deur waarneming en die interpretasie daarvan, word sekere gevoelens ervaar (spontane emosies response wat in elke situasie ondervind word)

➤ Intensies

Dit dui op wat iemand graag wil hê, wat sy/hy wil doen, en hoedat hulle wil hê dinge moet wees. Intensies sluit in 'n houdingsingesteldheid om na sekere dinge te beweeg of dit te vermy. Dit kan aangenaam of onaangenaam wees (ek wil verstaan, help, ondersteun, ek wil baklei, seermaak, vermy)

➤ Aksie (handelinge)

Intensies word oorgesit in aksies en dui daarop wat nou gedoen word, gister gedoen is en môre gedoen gaan word. Nou word geluister (teenwoordige handeling), verlede week is geluister (afgelope handeling), volgende week sal geluister word (toekomstige handeling).

Effektiewe kommunikasie behels dan dat meer as een van die speke van die bewuswordingswiel in gesprek verweef sal wees (Alpaslan, 1997:259).

Veenstra & Van der Kooi (vgl. Johannesen, 1990:90) noem vyf beginsels vir etiese kommunikasie:

- Mense moet mekaar respekteer as wese geskape na die beeld van God.

Die manier waarop hulle met mekaar praat, moet in liefde en respek wees, soos wanneer hulle met God praat.

- Altyd eerlik wees.

Altyd ten volle oop en eerlik wees met alles wat gesê en bedoel word. In negatiewe situasies sou dit feitlik amper "natuurlik" wees om net "jou" kant of weergawe van iets te wou gee, daarom is hierdie faset baie belangrik.

- Die beste taal gebruik.

Dit wat gesê word, moet ondersteun wees deur die gedagte of dit die beste keuse van woorde is om my respek teenoor die ander persoon te betoon.

- Behoeftevervullend wees.

Die werklike behoefte wat by die ander persoon bestaan moet vervul word.

- Korrekte benadering.

Ten einde die ander persoon se behoefte te kan vervul, moet die omstandighede, die onderwerp en persoon in ag geneem word.

2.4.4 Skrifbeginsels m.b.t. kommunikasie

Alhoewel daar op heelwat plekke in die Skrif beginsels van moets en moenies aangaande kommunikasie aangegee is, gaan in die studie aandag gegee word aan die beginsels soos dit beskryf word in die Efésiërbrief. Wat kommunikasie vir die eenheid in 'n verhouding betref, word die beste beskrywing aangaande Bybelse beginsels hier gevind (Forrey, 2001:1; Calvert, 2001:1; Adams, 1972:25).

Hoofstukke 1 tot 3 van Efesiërs beskryf die basis van 'n mens se vertikale verhouding (met Jesus Christus) en wie hy is in Jesus Christus. In hoofstuk 4 redeneer Paulus nie meer dogmaties nie, maar gee praktiese aansporings van 'n kind van die Here se wandel. Hierdie wandel omvat elke aspek van iemand se lewe, in die huwelik, in die gesin, in die sekulêre lewe, oral waar hy wandel moet dit so wees dat God verheerlik moet word (Forrey, 2001:1; Adams, 1972:26). Dit het noue verband met wat deur iemand se lewe saam met sy woorde gekommunikeer word.

2.4.4.1 Eerste beginsel m.b.t. kommunikasie is: Wees eerlik.

"Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede." (Ef. 4:25).

Mack (1999:57) noem die beginsel as: "Wedersydse openhartigheid en eerlikheid". Effektiewe kommunikasie is om absoluut eerlik te wees aangaande jou gedagtes, begeertes, en emosies (Mack, 1991:72). Daar kan nie in die wandel van 'n kind van die Here eenheid wees as dit nie gedoen word op die basis van eerlikheid, openhartigheid en die waarheid nie (Adams, 1972:28). Dit wat gepraat word moet in liefde die waarheid wees wat tot voordeel van 'n ander sal wees (Forrey, 2001:1; Mack, 1999:60-61). Kennis van mekaar kan slegs opgedoen word indien daar 'n openhartigheid teenoor mekaar is (Mack, 1999:58).

2.4.4.2 Tweede beginsel m.b.t. kommunikasie is: Hanteer geskille dadelik.

"Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie."
(Ef. 4:26-27)


Volgens Louw & Nida (1989:761) is die begrip om kwaad/toornig (*angry*) te wees: "*a state of being quite angry and upset at something - anger, being provoked*"

Wanneer 'n persoon dus vertoorn of verontwaardig voel, mag die persoon nie daaraan toegee en sonde doen nie. 'n Soortgelyke gedagte word in die Aandlied in Ps. 4 genoem (Adams, 1972:31). Die sentrale gedagte wat uit die Psalm spreek, is om nie enige saak van bitterheid, nie-vergewing en onsekerheid oor te laat vir 'n volgende dag nie. Dit waaroor iemand vertoorn of verontwaardig mag voel, moet afgehandel word voordat die son ondergaan, dus op 'n daaglikse basis (Calvert, 2002:1; Adams, 1972:31).

2.4.4.3 Derde beginsel m.b.t. kommunikasie is: Bespreek/hanteer die probleem, moenie mekaar aanval of te na kom nie:


Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor. En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing. (Ef. 4:29-30)

Om mekaar te "bespreek", dit wil sê aanval of vingers na mekaar te wys, los nie die probleem op nie, daarin is geen kommunikasie nie, intendeel, dit kan selfs kommunikasie vernietig nog voordat dit kon begin. Skematies illustreer Adams (1972:34) dit so:



Dit bedroef die Heilige Gees want daar word dinge vir en van mekaar gesê wat die ander een seermaak. Om die probleem en nie mekaar te bespreek nie, beteken dat die probleem saam as 'n eenheid bespreek moet/kan word (Adams, 1972:34).

Die volgende illustrasie van Adams (1972:34) bied die oplossing duidelik aan. Die pyle loop parallel na die probleem en nie na mekaar nie.




Effektiewe bespreking van 'n probleem begin waar die vinger eers na myself gewys word. Die Here illustreer dit deur gebruik van 'n hiperbool - dat iemand eers die balk (die bron,

oorsaak van 'n probleem) uit sy/haar oog moet uithaal, dan sal daardie een kan sien om die splinter ('n faset van die probleem) uit die ander party se oog te haal (Matt. 7:5)

Om te kommunikeer waar beide die pyle na die probleem wys, begin waar 'n huweliksmat beide die pyle na hom laat wys. Dit is waar die een huweliksmat praat en die ander luister en terwyl geluister word, word hand in eie boesem gesteek, en selfondersoek word gedoen - elke huweliksmat moet dit doen. Deur te luister, ontdek die een huweliksmat die ander se ware persoon en behoeftes. Huweliksmats moet leer om na die woorde en na die gevoel agter die woorde te luister, want in alles wat gesê word, is die inhoud slegs 7%, die stemtoon 38% en die nie-verbale uitdrukking en houding 55% werd.

Let op die volgende illustrasie. Die pyle loop parallel met mekaar.



Kommunikeer so dat die ander daardeur opgebou kan word (Calvert, 2002:2).

2.4.4.4 Vierde beginsel m.b.t. kommunikasie is: Handel, moenie reageer nie.

"Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het." (Ef. 4:31-32)

Die laaste, hoogste eienskap van die vrug van die Heilige Gees is SELFBEHEERSING (Gal. 5:22). Elke huweliksmat moet deur die krag en genade van die Heilige Gees in beheer bly en sal daar dan nie 'n geskreeu, bitterheid of lastering wees nie, maar, intendeel, opbouende kommunikasie. Die Skrif sê verder dat as iemand iets teen my het, ek moet gaan en dit regmaak: "As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe." (Matt. 5:23-24). Dieselfde geld ook in 'n teenoorgestelde situasie: Sodra ek iets teen iemand het, moet die inisiatief om te gaan

regmaak van my af uitgaan: "En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. ..." (Matt. 18:15).

Dit is altyd **EK** wat eerste moet gaan, wat handelend moet optree (vgl. Lotter, 2000:228). Die gedagte is nie dat as jy kom, sal ek nie. Indien hierdie Bybelse beginsels gehoorsaam word, sal daar eenheid in liefde wees. Daar sal kommunikasie wees tussen God en tussen mense wat opbou en na mekaar toe trek - God sal verheerlik word: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het". (Joh. 13:35).

Die logiese teendeel, as daar nie by die Bybelse beginsels gehou word nie, dat daar konflik en kommunikasiesteuringe sal wees, is ewe waar en dit geld nie net vir die verhouding tussen man en vrou nie, maar ook tussen God en man en vrou. Konflik en kommunikasiesteuringe in die huwelik vertroebel ook individue se verhouding met die Here.

Uit bogenoemde is dit enersyds duidelik dat die Skrif nie spesifiek verwys na kommunikasie in die huwelik nie, maar die beginsels uit die Skrif aangaande kommunikasie vir kinders van die Here is, andersyds, net so van toepassing op 'n huwelikspaar.

2.4.5 Kommunikasie in die huwelik

Kommunikasie in die huwelik is nie net om goed met mekaar te kan praat nie, dit is ook om na mekaar te luister (Lotter, 2001:17). Hierdeur kan seker gemaak word of die boodskap reg verstaan is. Gevoelens kan met mekaar gedeel word sonder om mekaar seer te maak (Lotter, 2001:17). Dit sal dan aanpasbaarheid bewerk en so sal huwelikspare nader aan mekaar beweeg. Daar word ook deur liggaamstaal gekommunikeer. Huwelikspare moet so ingestel wees op mekaar se liggaamstaal dat hulle onmiddelik sal waarneem as iets verkeerd is sonder dat 'n woord gesprek is (Lotter, 2001:17). Daar kan met woorde gepraat word, om sodat huwelikspare beter begrip vir mekaar kry en dan so aanpas om mekaar sodoende gelukkig te maak.

Bogenoemde bewerk groot vrymoedigheid om met mekaar in liefde persoonlike probleme te deel, of dit negatief of positief is. Gebrekkige kommunikasie het nie net 'n uitwerking in jou huwelik nie, dit raak ook jou menswees. Mans vind dit veral moeilik om met hulle vrouens te kommunikeer (Mol, 1988a:26). Gebrek aan tyd affekteer ook kommunikasie in die huwelik (Mol, 1988b:29).

2.5 Skrifperspektiewe oor konflik

2.5.1 Die ontstaan van konflik

Konflik tussen God en die mens gaan terug tot in die Tuin van Eden. Van die sondeval af beleef alle mense konflik. Mense word in sonde gebore en daarom is konflik onvermydelik deel van die mens se lewe (Sande, 2002:33; Vansteenwegen, 1989:217).

Konflik ontstaan -

- wanneer twee of meer persone doelwitte het wat blyk nie aanpasbaar te wees nie (Mol, 1997:13; Collins, 1988:233);
- wanneer die hartsbegeertes van 'n persoon nie bevredig word nie (Sande, 2002:16; Mack, 1991:188); vgl. Jak. 4:1-3;
- deurdat twee mense by mekaar se doen en late betrokke is, maar self verskillend is (Nicol, 2000:92; Mol, 1997:15).

2.5.2 Hantering van konflik

Indien konflik reg hanteer word, sal dit nie 'n stryd wees om mekaar verkeerd te bewys nie of wie is belangrik en wie is onbelangrik nie. Konflik moet 'n stryd wees om begrip (in te sien en te verstaan) vir die ander kant en die ander kant weer vir jou. Dit is 'n stryd om mekaar ten diepste te vind, om verstandhoudings te bou wat sal help dat daar aangepas word en saam gegroei sal word (Nicol, 2000:93). Konflik moet vinnig en doeltreffend hanteer word (Van der Merwe, 1999:5).

Volgens die Spreukeboek (vgl. Louw, 1997:114) sal 'n wyse mens konflik voorkom deur die volgende voorsorgmaatreëls:

- "Haat verwek twiste, maar liefde bedek al die oortredinge" (Spr. 10:12).
- "Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem" (Spr. 16:32).
- "Verkeer nie met 'n driftige man nie, en met 'n opvlieënde man moet jy nie omgaan nie, sodat jy nie gewend raak aan sy paaie en 'n strik vir jouself span nie." (Spr. 22:24-25).
- "Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het." (Ef. 4:31-32)

Min mense reageer tydens konflik op net een manier, die meeste reageer anders op verskillende situasies (Mol, 1997:23). Mace verduidelik dat indien konflik reg hanteer word, dit twee mense kan help om nader aan mekaar te kom. Dit kan help dat pare mekaar beter leer ken en verstaan (vgl. Barnard, 1982:54). 'n Krisis in die huwelik kan as 'n uitdaging tot groei (probleemoplossing) beskou word (Nicol, 2000:95; Mol, 1997:72; Louw, 1983b:83).

Indien daar tydens konflik gekommunikeer word, sal die pare ervaar dat hulle begrip vir mekaar het en dat konflik hulle juis nader aan mekaar trek en nie wegstoot nie.

2.6 Voorlopige samevatting van hoofstuk 2 (basisteoretiese perspektiewe)

Met betrekking tot die skepping

- Begrip vir en aanvaarding van konflik in die huwelik berus op die werklikheid dat alle mense as gelyke na die Beeld van God geskape is.
- Die doel van die skepping van die mens na God se Beeld, is om God se gemeenskap en heerlijkheid te beleef.

Met betrekking tot die sondeval

- Konflik en kommunikasiesteurings is die gevolg van die sondeval.
- Voor die sondeval was daar nie konflik en kommunikasiesteurings tussen God en die mens en mens tot mekaar nie.
- Na die sondeval is alle mense onderworpe aan konflik en kommunikasiesteurings.

Met betrekking tot die verlossing

- God se liefde het nie minder geword na die sondeval nie.
- God het die mens nie verstoot in sy sonde nie, maar juis Sy liefde bewys deur in die Persoon Jesus Christus na die aarde te kom en die verbroke gemeenskap tussen Hom en die mens te herstel.

Met betrekking tot die huwelik

- God het die huwelik ingestel vir één man en één vrou.
- Die man is hoof van die vrou terwyl die vrou aan die man onderdanig moet wees.
- Dit is God se begeerte dat in die verhouding tussen man en vrou die verhouding tussen Jesus Christus en die kerk uitgebeeld word.

Met betrekking tot konflik en kommunikasie

- Met toewyding en gemeenskaplike doel kan konflik 'n verhoudingbouer wees.
- Huwelikspare kan oefen om effektief te kommunikeer.

HOOFSTUK 3

Metateoretiese perspektiewe met betrekking tot kommunikasiesteurings as bron van konflik binne die huwelik

3.1 Inleiding

Venter (1996:89) gee 'n verduideliking van wat onder metateorie verstaan word: "Onder metateorie moet hier verstaan word 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek".

Die pastoraat deur die pastor bly steeds Skrifgefundeerd en die bediening van die Skrif en die beginsels daarvan ook, maar daar moet ruimte bly bestaan vir hulpwetenskappe. Ander wetenskappe wat in hierdie verband dan in die huidige studie aan die orde moet kom, is Kommunikasiekunde en Psigologie.

Vir sinvolle prakties-teologiese teorievorming vir 'n bepaalde vraagstuk is empiriese werk ook nodig (Venter, 1996:89). Deur die empiriese ondersoek word die praktyk en situasie ontleed waarvoor 'n nuwe praktykteorie daargestel moet word (Venter, 1996:89-90). Naas die literatuurstudie is die "gemengde metode" gebruik deur gesprekke/onderhoude te voer met egpare en van 'n vraelys gebruik te maak om faktore aangaande kommunikasiesteurings in konflik by egpare vas te stel.

3.2 Doelstelling

In hoofstuk 3 word gefokus op die invloed van interpersoonlike verskille tussen huwelikspare met betrekking tot kommunikasie en kommunikasiesteurings in die huwelik. Die hoofstuk bestaan uit twee afdelings nl.:

- Literatuurstudie en
- Empiriese ondersoek en resultate uit die praktyk

In die literatuurstudie word die volgende behandel:

- Behoefteverskille tussen man en vrou
- Temperamentele verskille by die mens
- Die huidige opvatting aangaande die huwelik

- Die huidige opvatting oor die rolle van die man en vrou in die huwelik

Die empiriese ondersoek bestaan uit die vraelys en die verwerking van die data uit die persoonlike onderhoude met vyf huwelikspare.

3.3 Literatuurstudie

3.3.1 Verskil tussen 'n man en 'n vrou

As daar gepraat word van "verskil tussen 'n man en 'n vrou", kom die fisiese verskil dadelik in die gedagte op. Godgeskape verskille tussen man en vrou gaan egter baie verder as net die fisiese. Alhoewel die man en vrou na die Beeld van God geskep is (2.2.1) en hulle in die oog van God aan mekaar gelyk is, is daar tog 'n verskil in hulle skepping (Eggerichs, 2004:32-33; Munroe, 2001:23; Eldredge, 2001:8; Knouwds, 2001:38; Waltke, 2001:88). Man en vrou is elk uniek geskape, elkeen met sy/haar behoeftes (Eldredge, 2001:3-4; Harley, 2000:9). Hulle verskil fisiologies, anatomies, seksueel, emosioneel, sielkundig en biochemies van mekaar, ook verskil hulle in hul verwantskap (Dobson, 2003:167; Eldredge, 2001:12-17; Sper, 1989:4). Hulle lyk anders, handel anders en dink anders (Eldredge, 2001:12-17; Sper, 1989:4). Die verskil tussen man en vrou is ook duidelik vanuit hulle onderskeie rolle en verwagtinge van God in die huwelik (2.3.4 & 2.3.5). Daar is 'n verskil in hulle menswees.

Die man en vrou kan na presies dieselfde lewens situasie kyk, en dit baie anders vertolk, hulle sien en vertolk nie net dinge anders nie, hulle hoor en kommunikeer ook anders (Eggerichs, 2004:33; Weiner-Davis, 1993:48-49). Dit, volgens Eggerichs (2004:33) kan 'n oorsaak van konflik wees. Om die verskil tussen mans en vrouens te verduidelik, verwys Rhea (2003:2) na mans as "rekenaars" en na vrouens as "selfone". Volgens haar is mans se kommunikasie soms "eenrigting", daarom die vergelyking met 'n rekenaar terwyl vrouens in hulle kommunikasie na tweec-party-betrokkenheid verlang, daarom die vergelyking na 'n selfoon (Rhea, 2003:2).

Die man is geskape om 'n dader, 'n gewer te wees, terwyl die vrou geskape is om onderdanig te wees aan haar man en van hom te ontvang, selfs in gemeenskap gee die man en ontvang die vrou (Lake, 2003:1).

Hierdie verskille bied 'n teelaarde en kan ook 'n oorsaak wees vir kommunikasiesteurings en konflik in 'n huwelik (Hudson, 2002:1; Burke, 2000:115). 'n Man en 'n vrou mag nie vergeet dat hulle verskillend is nie. Indien hulle aanvaar dat hulle dieselfde is, dieselfde voel

en dink, lei dit tot kommunikasiesteurings en konflik (Gray, 1993:10). Huwelikspare ervaar aanpassingsprobleme en konflik omdat hulle behoeftes hemelbreed verskil (Hudson, 2002:1; Harley, 2000:10-11).

Vir 'n huwelikspaar om dus effektief te kan kommunikeer, mekaar te geniet en 'n vervullende huwelik te hê, moet elkeen afsonderlik hom/haarself verstaan, verstaan wat die vertrekpunt van hul kommunikasie is, verstaan wat hulle onderskeie en gesamentlike behoefte is en dan ruimte bied (respek) vir die vertrekpunt en behoefte van hul maats. Elke man het presies wat sy vrou nodig het om te ontvang omdat hy 'n man is, en elke vrou het presies wat haar man nodig het om te ontvang omdat sy 'n vrou is. As hulle mekaar-gesentreerd lewe, sal hulle ervaar wat God vir hulle begeer (Harley, 2000:11; Crabb, 1993:121).

3.3.2 Temperamentele verskille by die mens

Temperamentele verskille by huweliksmaats kan ook 'n aspek wees wat kommunikasiesteurings veroorsaak. Dit gebeur dat individue in 'n verhouding hulself nie verstaan nie, en ook nie hul maat se natuurlike redes vir handeling nie. Sonder hierdie kennis kan daar nie aanpasbaarheid wees nie.

Volgens Jordaan en Jordaan (1998:546) verwys die begrip "temperament" na die betreklik standhoudende en kenmerkende emosionele aard, stemming en reaksiewyse van 'n persoon. Keirse en Bates omskryf temperament as "*that which places a signature or thumbprint on each of one's own*" (vgl. Louw, 1997:246). LaHaye (1994:1-2) noem dat 'n temperament op die kombinasies van ingebore eienskappe wat die mens se gedragspatroon onbewustelik beïnvloed dui. Elke mens se temperament bestaan uit swak sowel as sterk eienskappe.

Hippokrates, 'n Griekse geneesheer en filosoof, het meer as 400 jaar voor Christus beweer dat daar vier basiese temperamente is. Hy het aan die verskillende temperamente name gegee wat afgelei was van vloeistowwe in die mens se liggaam wat, soos hy geglo het, vir die temperaments-uitings verantwoordelik is. Die temperamente is cholerikus, sanguinikus, flegmatikus en melancholikus (Rohm, 1997:25; Bonnstetter *et al*, 1993:28-29; Louw, 1988:100; LaHaye, 1994:11; Mol, 1996:25). Keirse en Bates beskryf weer die temperamente in identifikasie met sekere van die Griekse mitologiese gode nl. *Apollo* dui op selfaktualiserende beleving; *Dionysus* op vreugde, genieting en vrye handel; *Prometheus* op wetenskap en die uitoefening van mag en, laastens, *Epimetheus* wat plig en sosiale status aandui (vgl. Louw, 1997:246).

Diamond *et al* dui in hulle navorsing op die bestaan van minstens vier temperamentdimensies (vgl. Jordaan & Jordaan, 1998:546). Alhoewel hulle verskillende name aan die dimensies gee, kom dit neer op die volgende (Jordaan & Jordaan, 1998:546):

- Algemene aktiwiteitsvlak met as uiterstes hoë aktiwiteit en hoë passiwiteit.
- Emosionele met as uiterstes hoë emosionele verstoerbaarheid en hoë emosionele onverstoerbaarheid.
- Sosiale geaardheid met as uiterstes geselligheid en afsydigheid.
- Impulsiwiteit met as uiterstes onbeheersdheid en beheersdheid.

Oswald en Kroeger (vgl. Louw, 1997:246) verbind temperament en pastorale rolle met mekaar. Rohm (1997:26) en Bonnstetter *et al* (1993:42, 57, 71, 86) verwys na die vier basiese temperament deur gebruik te maak van die alfabetiese letters D-I-S-C. Die "D" is vir die Cholerikus, die "I" vir die Sanguinikus, die "S" vir die Flegmatikus en die "C" vir die Melancholikus.

Elke mens het 'n basies oorheersende temperament wat sy gedrag onderskei van 'n ander (Barnard, 1982:79; LaHaye, 1994:2; Mol, 1996:25). Navorsers het ervaring in die spreekkamer dat temperament dikwels 'n oorsaak van kommunikasiestoerings is.

Rohm (1997:11) noem dat menslike gedrag 'n wetenskap en kuns is:

➤ Wetenskap

Menslike gedrag is 'n wetenskap omdat dit waarneembaar en herhaalbaar is. Inligting kan bekom word deur die bestudering van die menslike gedrag. Navorsing toon dat baie mense se gedrag voorspelbaar is.

➤ Kuns

Menslike gedrag is 'n kuns in die sin dat dit *ervaar* word, dit kan aangepas en geniet word. Dit word aangepas na gelang van die omstandighede en omgewing. Dit is die natuurlike staat van die mens, dit is hoe 'n mens optree.

3.3.2.1 Beskrywing van die vier basiese temperament

3.3.2.1.1 Cholerikus "D"

Die persoon word maklik kwaad, is baasspelerig en dominerend. Hy is geneig om ander mense te misbruik om sy doel te bereik. Hy is aktief, altyd besig, doen dinge en bereik baie (Barnard, 1982:80).

Engelse beskrywings vir die temperament is: *"Dominant, Driver, Demanding, Determined, Decisive, Doer, Direct, Daring, Forceful, Innovative, Blunt, Competitive, Strong-Willed, Bold, Aggressive, Strong Ego Strength, Problem Solver, Quick, Challenge-Oriented, Persistent, Inquisitive, Impatient, Authoritative, Adventuresome, Responsible, Risk Taker, Power, Self-Starter"* (Rohm, 1997:22; Mol, 1996:29; Bonnstetter *et al*, 1993:42).

Sterkpunte

Selfversekerd, baanbreker, doelgerig, sterk wilskrag, selfgedissiplineerd, natuurlike leier en organiseerder.

Swakpunte

Emosioneel gebrekkig, onsimpatiek, dominerend, ongeduldig, selfgenoegsaam, hardkoppig, wil dinge op sy manier doen. Die tipe temperament is ekstrovert, taakgeoriënteerd en is nie begaan oor verhoudinge nie.

3.3.2.1.2 Sanguïnikus "I"

Hierdie persoon is opgeruimd, raak maklik opgewonde, handel dikwels impulsief, praat maklik en maak maklik vriende (Barnard, 1982:80).

Engelse beskrywings vir die temperament is: *"Inspirational, Influencing, Inducing, Impressive, Interactive, Interesting, Interested, Impulsive, Enthusiastic, Trusting, Charming, Popular, Gregarious, Confident, Openminded, Persuasive, Affable, Convincing, Sociable, Effusive, Talkative, Emotional, Generous, Personable, Optimistic, Self-Promoting, Poised, Good Mixer"* (Rohm, 1997:23; Mol, 1996:28; Bonnstetter *et al*, 1993:57).

Sterkpunte

Goedhartig, spontaan, geesdriftig, hartlik, sosiaal, lewendig, hou van vriende, gee vryelik uiting aan gevoelens.

Swakpunte

Impulsief, praterig, swak wilskrag, tref maklik 'n kompromis, verander vinnig van buie, geniet dit om die middelpunt van aandag te wees, 'n sterk behoefte om deur almal aanvaar te word. Die temperament is ekstrovert, verhoudingsgeoriënteerd en is nie baie bekommerd oor die taak voorhande nie.

3.3.2.1.3 Flegmatikus "S"

Hierdie persoon is kalm, koel en gelukkig. Hy raak nie maklik opgewonde of kwaad nie, en is dikwels teruggetrokke en stil. Hy is onwillig om by ander mense se doen en late betrokke te raak (Barnard, 1982:80).

Engelse uitdrukkings vir die temperament is: *"Supportive, Submissive, Stable, Steady, Sentimental, Shy, Status-quo, Specialist, Systematic, Serene, Sincere, Passive, Possessive, Amiable, Predictable, Relaxed, Understanding, Mild, Inactive, Friendly, Deliberate, Good Listener, Nondemonstrative, Team Player, patient, Complacent"* (Rohm, 1997:23; Mol, 1996:29; Bonnstetter *et al.*, 1993:71).

Sterkpunte

Kalm, gemoedelik, beheerde emosies, vredemaker, hoë spanningstoleransie, dink voor optrede, droë humorsin, getrou aan vriende, betroubaar, verdraagsaam.

Swakpunte

Traag, onbeslis, vreesagtig, eiesinnig, huiwerig om betrokke te raak, ongeesdriftig, terughoudend, sarkasties.

Die tipe temperament is introvert, verhoudingsgeoriënteerd en is ook nie baie bekommerd oor die taak nie.

3.3.2.1.4 Melancholikus "C"

Hierdie persoon is begaafd, perfeksionisties, betroubaar, bereid om te dien en op te offer. Hy maak nie maklik vriende nie, en beleef gevoelswisselinge. Hy is geneig om te broei en tob en self jammer te kry (Barnard, 1982:80).

Engelse uitdrukkings vir die temperament is: *"Cautious, Competent, Calculating, Concerned, Careful, Contemplative, Perfectionist, Mature, Accurate, Evasive, Fact-Finder, Restrained, Precise, Diplomatic, High Standard, Patient, Systematic, Analytical, Methodical, Sensitive, Exacting"* (Rohm, 1997:23-24; Mol, 1996:29; Bonnstetter *et al*, 1993:86).

Sterkpunte

Analities, begaaf, talentvol, kreatief, selfopofferend, vermy die kalklig, lojaal, handhaaf hoë standaarde.

Swakpunte

Introspektief, liggeraak, buierig, selfbejammerd, agterdogtig, pessimisties, word gou kwaad, besluiteloos, perfeksionis, selfverkleinerend. Die tipe temperament is introvert, taakgeoriënteerd en is nie baie bekommerd oor verhoudings nie.

Indien elke individu in 'n huwelik verstaan wat die natuurlike vertrekpunt van handeling in sy/haar lewe is en ook in die van die ander, sal daar begrip en aanpasbaarheid wees wat kommunikasie in die huwelik sal bevorder.

3.3.3 Die hedendaagse siening van die huwelik

Na die breuk in die verhouding tussen God en die mens met die sondeval, het mense se waardes aangaande hulle verhoudings en die huwelik drasties verander en dit kan gestel word dat die mens in rebellie teen God geleef het. So is daar, onder andere, moord gepleeg (Gen. 4:8); twee vroue word in 'n huwelik geneem (Gen. 4:19); mense gaan by vroue buite die huwelik in (Gen. 6:4); daar was nie vertrouwe in God nie (Gen. 16:1vv.); bedrog (Gen. 29:21vv.) en so gaan dit al verder aan, al verder van God af. God het die mens tot bekering probeer roep deur, onder andere, die sondvloed, maar sonder sukses. Dit is steeds die patroon van ongehoorsaamheid teenoor God in die wêreld, nog vandag, en in huwelike word ernstige probleme ondervind, die geluk wat God in gedagte het vir die huwelik, word nie ervaar nie (Bromiley, 1981:8-9).

Die hedendaagse mens het 'n verkeerde idee van die doel van die huwelik. Baie dink dat die doel van die huwelik alleenlik die vermeerdering van die menslike ras is (Adams, 1983:21). 'n Faset wat in baie definisies van die huwelik beklemtoon word, is die maatskaplike goedkeuring van die verhouding tussen die man en die vrou tussen wie daar 'n geslagsverhouding bestaan, en op die aard van die wedersydse regte en verpligtinge wat tussen die betrokke paar uit die geslagtelike verhouding voortspruit (Steyn *et al*, 1987:27).

Lantz en Snyder (vgl. Steyn *et al*, 1987:27) definieer die huwelik soos volg:

Marriage is a formal and durable sexual union of one or more men and one or more women, which is conducted within a set of designated rights and duties. In looking carefully at this definition of marriage, we should note that the term "formal" means socially approved and "durable" means with the intent of permanence.

Daar bestaan verskeie opvattinge aangaande die huwelik. Die een opvatting beskou die huwelik as 'n heilige instelling van God (Van Rooyen, 1986:2). Eshleman noem dat die huwelik primêr bestaan ter wille van maatskaplike verpligtinge. Die bron van outoriteit setel nie in God nie, maar in die menslike wesens (vgl. Van Rooyen, 1986:2). Eshleman noem verder dat die huwelik vir die individu bestaan. Dit gaan nie oor Goddelike vereistes of vereistes van die samelewing nie, maar oor "my". Elke individu moet sy eie heil uitwerk (vgl. Van Rooyen, 1986:2-3).

Jordaan en Jordaan (1998:682-683) verwys na drie modelle vir die huwelik, naamlik die tradisionele, vennootskap en gelykmatige.

3.3.3.1 Die "tradisionele" huwelik

- Aard van die verhouding

In die tradisionele huwelik is die man die heerser terwyl die vrou onderdanig is. Hulle is nie aan mekaar gelyk in die sin dat die man sigbaar in beheer van die huwelik met gesag is nie. In konflik kry die man se wense en belange oorhand, terwyl die vrou soms haar onsigbare krag manipulerend gebruik om beheer oor die huwelik en gesin te bekom.

- Onderskeie rolle van die man en vrou

Die man is die alleen-broodwinner en onbetwiste hoof van die huis. Hy neem die besluite wat vir hom, sy vrou en gesin die voordeel inhou. Sy take om en in die huis is die fisiese wat geag word die "man se werk" te wees. Die vrou het geen loopbaan behalwe om voltydse huisvrou te wees nie.

- Opvoeding en grootmaak van die kinders

Die grootmaak van die kinders is die vrou se verantwoordelikheid. Die man se betrokkenheid is as die gesag, wat die vrou bystaan in dissiplinering van die kinders.

- Kwaliteite wat van die man en vrou in die "tradisionele" huwelik verwag word

Die verwagting wat van die man gekoester word, is om sterk, redelik en matig te wees. Die vrou moet moederlik, afhanklik, liefdevol, en emosioneel wees. In die "tradisionele" siening het die mistasting bestaan dat dit by 'n man 'n teken van 'swakheid' is om bv. te huil of toegeeflik i.p.v. onverbiddelik streng e.d.m. te wees.

3.3.3.2 Vennootskapshuwelik

- Wese van die verhouding

Die kern van die huwelik setel in kameraadskap met die stille verstandhouding dat die man se belange beslissend is. Dit geld ook in konflik, dit mag bespreek word ten einde 'n ooreenkoms te bereik, maar die man se gedagte en siening is finaal – die laaste woord is, en bly uitsluitlik syne.

- Rol van die man en vrou

Die man is die broodwinner en hoof van die familie, maar hy ken sy vrou in besluite wat geneem moet word wat hulle raak. Die vrou mag deelyds werk of iets buite die huis doen wat aanpas by haar man se werk en status. Haar primêre taak en verantwoordelikheid is egter om die rol van "huisvrou" te vervul.

- Grootmaak van die kinders

Die grootmaak van die kinders bly die vrou se verantwoordelikheid. Die man mag soms direk daarby betrokke wees.

- Kwaliteite wat van die man en vrou verwag word

Leierskap en redelikheid word van die man verwag, maar hy moet beskikbaar en emosioneel betrokke wees vir sy vrou en kinders. Van die vrou word verwag om moederlik, afhanklik, liefdevol emosioneel en meer as net 'n vrou en moeder te wees. Sy moet intelligent en selfstandig wees.

3.3.3.3 Gelykmatige huwelik

- Wese van die verhouding

Man en vrou erken, beskou en behandel mekaar openlik as gelykes in die huwelik.

- Rol van die man en vrou

Man en vrou is in hulle eie reg broodwinners met elk hul eie loopbane. Hulle kom ooreen en hersien hulle onderskeie rolle in en om die huis soos dit vir elkeen tot die beste voordeel vir die huis sou strek. Die verantwoordelikheid in die huis as huisvrou bly die vrou se verantwoordelikheid, maar dit is sekondêr tot haar loopbaan.

- Grootmaak van die kinders

Die man en vrou deel in die verantwoordelikheid, maar daar is aspekte waaroor ooreengekom word in die lig van onderskeie/individuele bekwaamheid, ondervinding en sensitiwiteit.

- Kwaliteite wat van die man en vrou verwag word

Dit word van die man verwag om redelik, emosioneel, afhanklik en selfverweselik te wees. Van die vrou word verwag om afhanklik, moederlik, emosioneel, betekenisvol, redelik en selfverweselik te wees.

Die ongelyke opleiding tussen mans en vroue, die uiteenlopende sienswyse en veranderende wêreld maak dit vir die tradisionele huwelik moeilik (Jordaan & Jordaan, 1998:683-684). Volgens Johnson *et al* (vgl. Jordaan & Jordaan, 1998:684) word baie druk met gepaardgaande spanning deur nuwe verskeidenheid, uitdagings en moontlikhede op die verhouding van beide man en vrou geplaas.

Baie huwelikspare beleef - soos Louw (1993:20) dit noem - 'n "spoorlynhuwelik": man en vrou ontwikkel langs mekaar en al wat hulle aan mekaar verbind is die kinders, status, geld,

huisvesting ensovoorts wat soos die dwarslêers by 'n spoorlyn funksioneer. So 'n huwelik lê net bo die tevredenheidslyn. Die gevaar van die verhouding is dat as die kinders groot en uit die huis is, die man en vrou so selfstandig ontwikkel het, dat hulle mekaar nie meer nodig het nie en daar geen bindende faktore meer tussen hulle is nie (Louw, 1997:20).

In ons leeftyd gebeur dit toenemend dat al hoe meer mense die huwelik vermy of systap, want die beskouing dat nie werk nie, het wyd veld gewen. Diegene wat wel nog trou, sien mettertyd nie meer vir die voortsetting kans nie en skei dan (MacArthur, 1994:50). Mense wil nie meer gebonde wees nie a.g.v. (individualistiese) behoeftebevrediging en daarom het die huwelik 'n eksperimentele karakter verkry waarin mense mekaar eers wil 'uittoets' voordat hulle permanente verbindings in die huwelik sluit (Louw, 1983a:18). Volgens Olivier (2004:41) val die klem vandag op *individualisme* wat as sentrale eienskap en deugsam gesien en beskryf word. Huwelike word gesluit om in die behoefte van die individu te voorsien, en wanneer daar nie meer in die behoefte voorsien word nie, dan lei dit tot egskeiding (Olivier, 2004:41). Individuele geluk word as belangriker beskou as die permanente trou in die huwelik as instelling van God (Olivier, 2004:41). Daar is hedendaags groot veranderinge in die lewenstyl van individue waaruit nuwe verhoudingspatrone na vore tree en sogenaamde "oop" huwelike en ongetroude pare wat saamleef nie meer 'n vreemde of ongewone verskynsel is nie. Daarby styg die egskeidingsyfer ook aansienlik. Waardes en rolle is nie meer duidelik afgebaken nie en egpare ervaar al meer spanning (Olivier, 2004:41; Blignaut & Theron, 1985:126).

Die wyse waarop Ef. 5:21-32 aangaande die huwelik gebruik word, veroorsaak soms negatiewe gevoelens by mense wat 'n moderne siening van die huwelik het (Dreyer, 1996:95). Volgens Goldner (vgl. Dreyer, 1996:95) het geslagsgelykheid en die heerskappy van die man oor die vrou in die moderne tyd moreel onaanvaarbaar geword. Dit kom voor asof Ef. 5:22-24 beskou word asof dit 'n bedreiging inhou vir die vrou se nuutgevonde menswaardigheid (Dreyer, 1996:95).

3.3.4 Hedendaagse siening van die rolle van die man en vrou

Huwelikspare besluit nou saam hoe die rol van die man en van die vrou gaan lyk, hulle gee 'n eie definisie aan hul huwelik wat nie vaste, rigiede lyne het nie, maar wat in lyn met hulle unieke persoonlikhede en behoeftes is (Nicol, 2000:4; Jordaan, 1996:4).

Volgens Nicol (2000:4) en Vansteenwegen (1989:48) bepaal die samelewing nie meer die grondplan vir die huwelik nie, elke huwelikspaar het nou die keuse om self die grondplan vir

hulle huwelik op te trek. Aan hierdie grondplan kan en mag huwelikspare deurlopend verander soos dit hulle behoefte en situasie die beste pas (Nicol, 2000:4).

Die man en vrou behou elkeen sy individuele regte en selfstandigheid (Vansteenwegen, 1998:50; Louw, 1983a:16). Hulle is vandag nie meer verbonde aan mekaar nie (Adams, 1983:24-25). Mense tree in die huwelik en, ten spyte van die man-vrou-verhouding, behou elke individu sy vryheid en selfstandigheid. In plaas daarvan dat belange gedeel word, veg elkeen vir sy eie reg en word die huweliksmaats vir elkander 'n bedreiging. Die treurige gevolg is dat verhoudinge verswak (Louw, 1983a:8).

Die ekonomiese sy van die huwelik het ook drasties verander - die man verdien nie meer alleen 'n salaris nie. 'n Hoë persentasie vroue is deel van die arbeidsveld en die gelykstelling van die vrou en haar opkoms as 'n professionele figuur binne die ekonomiese netwerk het in vele gevalle 'n negatiewe/nadelige invloed op die huweliksverhouding (Louw, 1983a:10-11) ten spyte van meer beskikbare geld. Die beroepswaardigheid van die vrou laat, enersyds, dikwels 'n aggressie by die man ontstaan, dit laat hom onseker voel, want hy kan nie meer sy manlikheid teenoor die vrou as die sogenaamd "swakkere" handhaaf nie. Andersyds bestaan daar weer by vrouens 'n vrees dat, alhoewel sy haar professionaliteit geniet, sy so onafhanklik van haar man kan word dat sy die liefde en aandag van die man kan verloor (Louw, 1983a:15).

Die huwelik is hedendaags 'n baie ingewikkelde entiteit vanweë die kameraadsaspekte. In die sogenaamde kameraadshuwelik is man en vrou vennote en maats. Die man is nog die hoof, maar besluite word saam geneem (Barnard, 1982:2), hulle is albei broodwinners in eie reg met gedeelde of afsonderlike loopbane (Jordaan, 1996:4). Die man en vrou is gelykwaardige vennote (Jordaan, 1996:4; Vansteenwegen, 1989:47; Louw, 1983a:16), die gesagslyn/e tussen hulle vervaag en verval (Nicol, 2000:4).

Die vrou vervul vandag in die huwelik 'n dubbele of meerdere rolle, sy dra finansiële by tot die huishouding en moet ook sorg vir die huishouding (Nicol, 2000:11). Die rol van die man in die huwelik het verander a.g.v. die verandering in die rol van die vrou (Steyn *et al*, 1987:244). Die rol wat die man in die huwelik vervul het as die politieke, godsdienstige en ekonomiese hoof, kwyn (Steyn *et al*, 1987:250).

In die moderne vermaaklikheidsmedia gebeur dit toenemend en byna algemeen dat die man afgemaak word as die swakkere. 'n Gewilde tema wat in rolprente uitgebeeld word is, soos dit genoem word "the battle of the sexes" - indien daar 'n sterk man betrokke is, is die vrou 'n

nog sterker karakter. Dit is nou die vrou wat die man help, sy *skep* 'n goeie man. Die vrou het nie meer die man vir 'n verhouding of seks nodig nie (Hornblow, 2003:23).

Die onderskeid in die verlede waar die man die instrumentele rol en die vrou die ekspressiewe rol vervul het, het sterk vervaag. Die vrou se beweging na buite raak al hoe meer gesaghebbend, terwyl dit al hoe meer van die man verwag word om die ondergeskikte rol te vervul. Die vrou funksioneer vandag baie meer onafhanklik. Haar psigiese en finansiële sekuriteit maak haar nie meer van die man afhanklik nie, terwyl die omgekeerde al hoe meer van die man geïmpliseer word. Dit is nie meer snaaks as die vrou byvoorbeeld 'n leer bestyg in die beoefening van 'n beroep wat voorheen as "manswerk" geklassifiseer is, terwyl die man tuis skottelgoed was en kos voorberei nie. Dit word van die man en vrou verwag om in hulle eie unieke verhouding te identifiseer en af te baken wat die rol is wat elk wil vervul (Nicol, 1992:12-13).

Indien huwelikspare nie effektief kommunikeer nie, kan daar onsekerheid ontstaan van wat van mekaar verwag word, en onsekerheid bring die meeste van die tyd konflik mee.

Navorsing het getoon dat meer mense berading benodig vir hulle huwelike as vir enige ander aspek (Collins, 1988:408).

3.3.5 Kommunikasie in die praktyk

Kommunikasie word so baie bespreek dat dit verstaanbaar is in die sin dat mense verskillende betekenisse aan kommunikasie gee. 'n Algemene definisie van kommunikasie is dat dit 'n '...sharing of experience...' is. Dit is derhalwe belangrik dat seker gemaak moet word dat alle betrokke partye dieselfde betekenis aan die begrip van kommunikasie heg (Tubbs & Moss, 1994:6).

In kommunikasie is twee partye/mense betrokke, naamlik die sender en ontvanger. Albei fungeer as 'n **bron** in kommunikasie deurdat die een 'n boodskap stuur en die ander nadat dit ontvang en ontleed is, dan weer 'n boodskap terugstuur (Tubbs & Moss, 1994:7) – soos Hunt en Rydman kommunikasie definieer as "*communication is the process of conveying, transmitting or moving information, ideas, or feelings from a sender source to a receiver*" (vgl. Alpaslan, 1997:72).


Kommunikasie volgens Sperber en Wilson (2001:1) is "*a process involving two information-processing devices. One device modifies the physical environment of the other. As a result, the second device constructs representations similar to representations already stored in the*

first device. Oral communication, for instance, is a modification by the speaker of the hearer's acoustic environment, as a result of which the hearer entertains thoughts similar to the speaker's own".

Volgens Alpaslan (1997:258) sluit 'n kommunikasieproses drie elemente in:

- 'n Bron (kommunikeerder)
- 'n Boodskap (feite, gevoelens en gedrag) en
- 'n Bestemming (luisteraar/ontvanger)

Skematies sien die proses soos volg daar uit:



Die eerste stap vir 'n huwelikspaar wat probleme in hulle verhouding ervaar, is om hul kommunikasie te evalueer of hulp te kry om dit te doen. Al sou 'n huwelikspaar dit ervaar dat dit op ander terreine in hulle verhouding goed gaan, moet dit opgevolg word met kommunikasie (Butler & Joyce, 2000:91; Rosenzweig, 1992:41).

3.3.5.1 Soorte kommunikasie

Daar is basies twee soorte maniere van kommunikeer, naamlik verbale en nie-verbale kommunikasie. Verbale kommunikasie geskied in 'n taal deur middel van woorde terwyl nie-verbale kommunikasie in gedrag, optrede, uitdrukkings, lyftaal sonder 'n taal of woorde "gebeur" (Butler & Joyce, 2000:91; Remland, 2000:17-19; Rosenzweig, 1992:43).

Volgens Tubbs & Moss (1994:4) kommunikeer 'n mens vir 75% van die dag. Die feit dat so baie met ander mense deur die dag gepraat word, is geen bewys dat mense effektief gekommunikeer kry nie (*quantity is no guarantee of quality*) soos Tubbs en Moss aantoon dat

die hoë persentasie egskedings en mense wat ongelukkig in hulle verhoudings is, as 'n afdoende bewys hiervan sou kon staan (Tubbs & Moss, 1994:4-5).


Louw (1993:100) stel dit dat huwelikspare goed weet hoe om te kommunikeer, maar dat die probleem *negatiewe* kommunikasie is. Volgens Louw (1993:102-103) is die doel van kommunikasie -

- om te verstaan - nie om misverstande te skep nie;
- om te verhelder - nie om te bedek, te verskuil of te mislei nie;
- om nabyheid en intimiteit te bevorder - nie afstand en vyandigheid nie;
- om aangename gewaarwordinge te deel en die ander persoon positief te stem - nie om negatief te wees en 'n gespanne klimaat te skep nie.

Beweegredes vir effektiewe kommunikasie is volgens Stalberg (2001:2-3):

- Feite (*Facts*): Kommuniqueer albei dieselfde feite, verstaan hulle dit wat gekommunikeer word, dieselfde?
- Vertolking, gedagtes of persepsie (*Interpretations, Thoughts or Perceptions*): Elke mens vertolk die feite van 'n boodskap verskillend vanuit sy agtergrond, persoonlikheid, waardes, ondervinding.
- Gevoel (*Feelings*): 'n Persoon se huidige gemoedstoestand, hoe hy voel, beïnvloed sy besluitneming en gedagtes.
- Bedoelinge, nood of behoefte (*Intentions, Needs or Wants*): Wat is iemand se bedoeling, het sy/hy byvoorbeeld 'n verskuilde agenda of behoefte?
- Handeling (*Actions*): Keuse van woorde, stemtoon, liggaamstaal, oogkontak, gesigsuitdrukkinge, die manier wat gepraat word.
- Self (*Self*): Dit is hier waar die boodskap ontvang word. Geskied kommunikasie of kom daar konflik deur die feite van die boodskap, vertolking, gedagtes, gevoel, bedoelinge en keuse van handeling?

Skematies stel Spanberg (2001:2-3) dit as volg voor:



Brown en Brown (2002:152-154) gee die volgende reëls vir effektiewe kommunikasie:

- Praat in die eerste persoon
- Kom in harmonie met mekaar
- Luister na mekaar
- Wees op die punt af wat jou probleem betref
- Beskryf jou behoefte en vermy gedagtelees
- Wys waardering
- Praat met deernis (sag)
- Vra verskoning, erken as verkeerd is

Louw (1993:100) noem dat daar vyf vlakke van kommunikasie is:

- 'n Algemene gepraat. Die kommunikasiestyl is baie neutraal.
- Feite en inligting word uitgeruil. Kommunikasie op die vlak is dikwels beredeneerd van aard.
- Eie menings word gegee met die oog op die stel van 'n standpunt.

- 'n Beoordeling van 'n situasie of persoon in die lig van oortuigings, waardes en norme. Die kommunikasie gaan dikwels gepaard met kritiek en beskuldigings.
- Dieptekommunikasie is waar die een persoon hom in die posisie van 'n ander plaas om beter te kan begryp. Die kommunikasiestyl plaas die fokus op die ander persoon se gedagtes, behoeftes, motiewe en gevoelens.

Louw (1993:101) doen die volgende belangrike wenke vir/in kommunikasie aan die hand:

- Maak tyd vir mekaar en luister na die inhoud van dit wat jou huweliksmaat aan jou wil deurgee.
- Wees eerlik in wat jy bedoel en gee jou maat kans om dit wat verstaan word van wat gesê is, in woorde te omskep. So kan gekontroleer word of julle mekaar reg verstaan.
- Formuleer dit wat wil oordra helder en direk. Moenie verwag jou maat sal weet wat jy bedoel nie.
- Vermoed direkte of verskuilde boodskappe waarin jy jou maat aanval.
- Maak seker van jou motief agter die boodskap.
- Gee informasie oor die agtergrond van jou woorde.
- Wees eerlik oor hoe jy oor 'n saak voel.
- Wanneer verskil oor 'n saak, sê duidelik hoe jy dink en voel, maar sonder om jou maat te verneder.
- Leer om in konflik die probleem te pak en nie mekaar nie.
- Beweeg van die probleem na 'n gemeenskaplike oplossing.

3.3.6 Kommunikasiesteuringe tussen huweliksmatts

Volgens 'n mededeling van professor Paul Schutte (2003) kan kommunikasiesteuring plaasvind deur interne faktore soos byvoorbeeld gedagtes wat dwaal, om nie te luister terwyl iemand praat nie, dit wil sê, om iemand eenvoudig te ignoreer, of eksterne faktore soos byvoorbeeld 'n grassnyer wat raas of baba wat huil terwyl daar gepraat word.

Kommunikasiesteuringe is "*anything that distorts the information transmitted to the receiver or distracts him or her from receiving it*" (Tubbs & Moss, 1994:11). Tubbs en Moss (1994:12) noem dat tussen twee tipes van steuringe in kommunikasie onderskei kan word, naamlik die tegniese steuring (*technical interference*) en semantiese steuring (*semantic interference*). Die eersgenoemde steuring in kommunikasie het te doen met "*the factors that cause the receiver to perceive distortion in the intended information or stimuli*" (Tubbs & Moss, 1994:12). Die sender kan self die oorsaak van die steuring wees byvoorbeeld iemand

wat nie duidelik praat nie. Nog 'n oorsaak kan wees musiek wat hard speel terwyl gepraat word.

Semantiese steuring in kommunikasie kom voor wanneer "*the receiver does not attribute the same meaning to the signal that the sender does*" (Tubbs & Moss, 1994:12). In hul kommunikasie bedoel die twee mense dalk dieselfde, maar gebruik verskillende woorde. Huwelikspare verstaan nie mekaar se kommunikasiestyl nie, en dié gevolg hiervan is dat kommunikasie tussen hulle misluk (Weiner-Davis, 1993:49).

Kommunikasiesteuringe kan dus plaasvind deur die kommunikeerder wat die boodskap stuur of by die een wat die boodskap ontvang (Sperber & Wilson, 2001:65; Tubbs & Moss, 1994:12). Aggressie of woede is 'n algemene oorsaak van kommunikasiesteuringe: dinge wat teleurstel of kwets en dus verwydering bewerk word vir mekaar gesê. Dit kan die vrymoedigheid om te praat wanneer nodig, by een of albei ontnem (Butler & Joyce, 2000:95).

3.3.6.1 Elemente tot kommunikasiesteuring

Karpel noem dat daar verskeie aspekte is wat kommunikasiesteuringe kan veroorsaak (vgl. Brown & Brown, 2002:155-156).

- Een of beide van die huweliksmats luister nie na mekaar nie.
- Hulle het verskillende verwagtinge.
- Hulle het verskillende maniere van kommunikeer.
- Hulle kan nie hulle probleem opgelos kry nie.

Volgens Sanford (2001a en 2001b:1-2) dra van die volgende elemente by tot kommunikasiesteuringe tussen huweliksmats:

- Emosionele uitbarsting: Nadat een van die huweliksmats iets gesê het, bars die ander uit in woede. Daar word dus nie gekommunikeer nie weens die emosionele uitbarsting.
- Veralgemening: In veralgemening word woorde gebruik soos "altyd, nooit, totaal en alles". 'n Voorbeeld is as 'n huweliksmat iets sê, is die reaksie "Alles wat ek doen is net altyd verkeerd vir jou, ek kry nooit 'n kompliment van jou nie". Veralgemening verhinder (en vernietig mettertyd) kommunikasie.

- **Verpersoonliking:** Dit wat deur een van die huweliksmaats gesê word, word persoonlik opgeneem. Geen meriete word in ag geneem nie, dit word gesien as 'n persoonlike aanval. Dit veroorsaak 'n uitbarsting en geen verdere kommunikasie, want nou moet daar verdedig word.
- **Stilswye:** Terwyl een van die huweliksmaats praat, word niks terug gesê nie met 'n gesindheid van luister nie of dit wat gesê word, word nie aangestaan nie. Dit veroorsaak frustrasie en uitbarstings.
- **Teenreaksie:** In hierdie benadering word dit wat gesê word deur een van die huweliksmaats, beantwoord met 'n klagte van die ander – die klassieke *tete, a tete*-reaksie.
- **Innerlike alleenspraak/monoloog:** Terwyl een van die huweliksmaats praat, luister die ander nie, maar praat met hom/haarself in sy/haar gedagtes.
- **Gedagtes "lees":** Die een huweliksmaat besluit nog voordat die ander een klaar gepraat het, wat sy/hy bedoel of wat die spreker se gesindheid en motief is. Daar word nie seker gemaak of reg verstaan is nie, dit word net aangedring dat die gedagteleser reg is. In hierdie vorm domineer die een die ander deur vir hom of haar te dink.
- **Aanval:** Aanval is seker een van die effektiefste maniere waarop kommunikasie skipbreuk ly: "Jy's reg, jy's altyd reg, maak soos jy wil". Die meegaande reaksie is ook gewoonlik om op te vlieg en verergd weg te loop.
- **Argumenteer/beredeneer die feite:** Een van die huweliksmaats dring daarop aan om te argumenteer oor die feite met vrae wat woorde bevat soos "wat, wanneer, waar, hoe". Dit veroorsaak frustrasie en die gevoel dat die ander maat se gevoel, ervaring en besorgdheid nie van belang is nie.

Huweliksmaats kan hul kommunikasie verbeter indien hulle saam bepaal wat hulle kommunikasie verhinder, seker te maak dat hulle saamstem en dan saam beplan vir oop, eerlike kommunikasie wat albei tevrede kan stel.

3.3.7 Konflik in die huwelik

Konflik is 'n natuurlike deel in die verhouding tussen mense en dit is nooit nodig dat dit afbrekend hoef te wees nie (Tubbs & Moss, 1994:195). Hocker en Wilmot (vgl. Tubbs &

Moss, 1994:195) definieer konflik as "*an expressed struggle between at least two independent parties who perceive incompatible, scarce rewards and interference from the other party in achieving their goals*". Volgens Louw (1993:109) ontstaan konflik wanneer verskille tussen huweliksmaats aanleiding gee tot wrywing, wanneer standpunte lynreg teenoor mekaar staan dat dit frustrasie en weerstand veroorsaak. Wanneer 'n persoon se begeerte nie vervul word nie, maar verhinder word deur iets of iemand, skep dit konflik (Stalberg, 2001:4).

Die effek van konflik in 'n verhouding kan volgens Louw (1993:108-109) drie dinge laat gebeur:

- Konflik kan mense help om mekaar beter te verstaan, hulle nader aan mekaar te bring.
- Konflik kan liefde neutraliseer.
- Onopgeloste konflik kan die effek hê dat dit afstand skep en die huwelik laat verbrokkel.

Konflik kan op een van twee maniere benader word: afbrekend of opbouend (Stalberg, 2001:4). Mense benader konflik op verskillende maniere (Nadig, 2003:1; Stalberg, 2001:4; Mol, 1997:25; Tubbs & Moss, 1994:196, 199; Louw, 1997:115).

3.3.7.1 Afbrekende konflikhantering

- Vermydning

Die grondslag van die benadering is dat indien daar nie gewen kan word nie, word die ander party nie teengestaan nie sodat niemand dan sou wen of verloor nie. Onttrekking en ontkenning is eienskappe van hierdie benadering.

- Toegewing

Die benadering berus op die veronderstelling dat dit 'n ideale opoffering is om die ander party sy sin te gee. Lyding en onderworpenheid is eienskappe van die benadering.

- Konfrontasie

Die benadering berus op die veronderstelling dat konflik 'n kompetisie is wat gewen moet word. Tegnieke wat gebruik word in die konflik is vinnige redenering, gladpraterij, kritiek, woede, bespotting, lyding, nukkerigheid, selfaftakeling, selfmoorddreigemente en die beroep

op hoër gesag. Dié benadering is gewoonlik die algemeenste reaksie op konflik. Wen of verloor en blameer is eienskappe van die benadering.

- Sabotasie

Eienskappe van die benadering is om te fokus op swak punte van die ander en om hom/haar te beskaam/verneder.

- Manipulering

Eienskappe van die benadering is afpersing en onttrekking.

3.3.7.2 Opbouende konflikthantering

- Bedinging

Die benadering steun op die veronderstelling dat daar nie versoening kan kom nie, en beide partye moet bereid wees om 'n kompromie aan te gaan. Eienskappe van die benadering is om mekaar halfpad en met begrip te ontmoet.

- Probleemoplossing

In die probleemoplossingsbenadering word die probleem aangepak en nie die persoon nie. In die benadering is drie basiese beginsels naamlik: (i) Ons is altwee reg; (ii) Ons tree saam teen die probleem op; en (iii) Fokus gesamentlik op die toekoms (Nadig, 2003:1-2; Mol, 1997:65-76).

Ten einde die beginsel "ons is altwee reg" te laat werk, is dit noodsaaklik dat albei partye moet erken dat die ander ook reg is. Die noodsaaklikheid in die "ons teen die probleem"-beginsel, is om die probleem te pak en nie die persoon nie. In die "fokus op die toekoms"-beginsel is die sukses daarvan gerig daarop dat die fokus op 'n veranderde toekoms moet val en nie 'n kritisering van die verlede nie. Eienskappe in die benadering is oop kommunikasie, vergifnis en eerlikheid.

Volgens Louw (1997:310-312) is die volgende basiese vaardighede van belang vir die bou van 'n verhouding:

- Persone moet mekaar ken, bereid wees om oop te maak en mekaar te vertrou.
- Die aanvaarding van mekaar as unieke individue.

- 'n Gesindheid hê om te dien - die ander persoon se belang te bevorder.
- Duidelik eerlike geformuleerde boodskappe deur te gee.
- Luistervaardighede ontwikkel.
- 'n Styl van onderdanigheid en samewerking is belangrik in die soeke na gemeenskaplike oplossings.
- Identifisering van die rol van voorveronderstellings en waardes binne die gespreksgebeure.
- Egtheid en opregtheid bevorder die klimaat van gesprek.

Nadig (2003:2-3) noem ses fases van konflikhantering:

- Identifiseer die probleem

Besprek en verduidelik die probleem sodat albei kante ingesien en verstaan kan word. Sê wat jy wil sê en luister na wat jou maat sê.

- Ontwikkel verskeie moontlike oplossings

Besin gesamentlik waarom word saamgestem en ontwikkel dan verskeie moontlikhede om die probleem op te los.

- Evalueer die alternatiewe oplossing

Neem elkeen se voorstel vir 'n moontlike oplossing in ag. Wees eerlik en werk dit af tot by die beste oplossing waarmee albei saamstem.

- Besluit op die beste oplossing

Kies die beste oplossing waarmee albei saamstem en gewillig is om hulle te verbind.

- Implementeer die oplossing

Besprek oor hoe die oplossing waarop besluit is implementeer gaan word, wie wat gaan doen en wanneer.

➤ Volg op

Nie alle oplossings is altyd so goed as wat dit skyn, of wat dit gehoop is om te wees nie. Kontroleer gereeld met mekaar die gevoel na die oplossing, of dit suksesvol is of nie. Hersien indien daar nie samestemming is nie.

Volgens Saxton (1972:223) is daar twee stappe wat kan lei tot die ontlooting van konflik.

- die wedersydse erkenning dat daar 'n probleem is, en
- die aflegging van die versoeking om te wil wen deur die ander verkeerd te bewys.

3.4 Empiriese navorsing

3.4.1 Inleiding

Empiriese studie is noodsaaklik en tereg stel Venter (1996:89-90): "Vir sinvolle praktiese teologiese teorievorming vir bepaalde vraagstukke in Diakonie is empiriese werk egter ook nodig. Deur middel van empiriese ondersoek word die praktyk en situasie ontleed waarvoor 'n nuwe praktykmodel daargestel word." Volgens Neuman (1997:14) moet van 'n spesifieke styl gebruik gemaak word in 'n empiriese studie. Twee hoofstyle van navorsing bestaan naamlik kwalitatiewe navorsing en kwantitatiewe navorsing. Soos aangedui, (1.5.2.2) sal daar in hierdie studie vir die empiriese faset van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak word.

Kwalitatiewe navorsing maak gebruik van logika in die praktyk wat dit makliker maak om die gevoelstoestand van mense in sekere situasies te bepaal. Dit maak veral staat op die informele wysheid van die navorser wat in die praktyk opgedoen word (Neuman, 1997:330).

3.4.2 Werkswyse

Die empiriese deel van die huidige studie is uitgevoer deur van die "gemengde metode" gebruik te maak. Gesprekke/onderhoude is met egpare gevoer waartydens 'n vraelys gebruik is om faktore aangaande kommunikasiesteuringe in konflik by egpare vas te stel. Navorser het met die toestemming van dr. Nicky Alpaslan van die Departement Maatskaplike Werk, Port Elizabeth Universiteit, 'n vraelys wat hy opgestel het, uitgebrei en gebruik vir dataversameling.

Vyf huwelikspare is deur die navorser self gekeur, geselekteer en by die studie betrek. Met elke huwelikspaar is 'n afspraak gereël waartydens die aangesig-tot-aangesigmetode gebruik is om die vraelys te voltooi. Die doel van die dataversameling is aan die huwelikspare verduidelik en hulle is verseker van die vertroulikheid waarmee die vraelyste hanteer en verwerk word.

Antwoorde op die vrae is op 'n skaal van - nooit; nou en dan; menigmaal en altyd of byna altyd, verkry. Die antwoorde van die huwelikspare op die vrae is onder die vraag gegroepeer as "huwelikspaar 1 tot 5". In die gevolgtrekking word na huwelike waar goeie kommunikasie is, verwys as "oop" en waar kommunikasiesteuringe voorkom, as "toe". Elke vraagnommer met sy statistiekverwerking asook die gevolgtrekking wat navorser gemaak het, is as volg saamgevat:

3.4.3 Data verwerking

Die data wat uit die ontmoetings ingesamel is, is as volg verwerk:

Persoonlike inligting

1.	Geslag	5 Huwelikspare (5 mans en 5 vroue)		
2.	Werk voltyds	3 Vroue werk voltyds terwyl 2 tuisteskeppers is 4 Mans werk voltyds en 1 is 'n pensioenaris		
3.	Huweliksduur	Gemiddelde duur van die 5 huwelike is 18.6 jaar		
4.	Beskou weergebore	Alle pare het getuig dat hulle weergebore is		
5.	Betrokkenheid in gemeente	Man	Vrou	
	Swak	0	0	
	Redelik	1 (20%)	3 (60%)	
	Goed	4 (80%)	2 (40%)	
	Baie goed	0	0	

➤ Gevolgtrekking

Meer mans is van mening dat hulle goed in die gemeente betrokke is as hul vroue. Die rede wat hiervoor aangevoer word, is dat die vroue moet omsien na die kinders, veral in die aande.

Navorser het hier geen verwyt of rede vir konflik ervaar by die onderskeie huwelikspare nie. Dit kom voor asof die vrouens van nature aanvaar dat dit hulle

verantwoordelikheid is om na die kinders om te sien, ten spyte van die feit dat van die vrouens voltyds sekulêr werk.

Kommunikasie-indeks

6. Hoe gereeld gesels jy en jou maat oor aangename dinge wat deur die dag gebeur?

Huwelikspaar 1: Nou en dan.

Huwelikspaar 2: Menigmaal.

Huwelikspaar 3: Altyd of byna altyd.

Huwelikspaar 4: Nou en dan.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	3 (60%)
Menigmaal	1 (20%)
Altyd of byna altyd	1 (20%)

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 60% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle nie oor die aangename dinge wat deur die dag met hulle gebeur gesels nie, terwyl 40% dit wel doen.

7. Hoe gereeld gesels jy en jou maat oor onaangename dinge wat deur die dag gebeur?

Huwelikspaar 1: Menigmaal.

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Altyd of byna altyd

Huwelikspaar 4: Nou en dan.

Huwelikspaar 5: Menigmaal.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	3 (60%)
Menigmaal	1 (20%)
Altyd of byna altyd	1 (20%)

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 60% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle nie oor die onaangename dinge wat deur die dag met hulle gebeur gesels nie, terwyl 40% dit wel doen.

8. Hoe gereeld praat jy en jou maat oor die dinge waaroor julle verskil?

Huwelikspaar 1: Nooit.

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nou en dan.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit	1 (20%)
Nou en dan	3 (60%)
Menigmaal	1 (20%)
Altyd of byna altyd	0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, "toe" is, aangesien hulle nie met mekaar praat oor die dinge waaroor hulle verskil nie, terwyl 20% dit wel doen.

9. Hoe gereeld praat jy en jou maat oor dinge waarin julle albei geïnteresseerd is?

Huwelikspaar 1: Nou en dan.

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nou en dan.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	4 (60%)
Menigmaal	1 (40%)
Altyd of byna altyd	0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 60% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle nie gereeld met mekaar praat oor dit waarin albei geïnteresseerd is nie, terwyl 40% dit wel doen.

10. Hoe gereeld word gesprekvoering oor 'n sensitiewe onderwerp tussen jou en jou maat vermy?

Huwelikspaar 1: Menigmaal.

Huwelikspaar 2: Menigmaal.

Huwelikspaar 3: Nou en dan.

Huwelikspaar 4: Menigmaal.

Huwelikspaar 5: Altyd of byna altyd.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	1 (20%)
Menigmaal	3 (60%)
Altyd of byna altyd	1 (20%)

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien gesprekvoering oor 'n sensitiewe onderwerp tussen hulle vermy word, terwyl 20% dit nie doen nie.

11. Hoe gereeld sal jy en jou maat eers 'n saak deurpraat voordat 'n belangrike besluit geneem word?

Huwelikspaar 1: Nou en dan.

Huwelikspaar 2: Menigmaal.

Huwelikspaar 3: Altyd of byna altyd.

Huwelikspaar 4: Menigmaal.

Huwelikspaar 5: Menigmaal.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	1 (20%)
Menigmaal	3 (60%)

Altyd of byna altyd 1 (20%)

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op die vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "oop" is, aangesien hulle eers 'n saak deurpraat voordat hulle 'n belangrike besluit neem, terwyl 20% dit nie doen nie.

12. Jou maat wil graag vriende of familie gaan besoek. Jy geniet nie regtig hulle geselskap nie. Sal jy dit vir hom/haar vertel?

Huwelikspaar 1: Nou en dan.

Huwelikspaar 2: Menigmaal.

Huwelikspaar 3: Altyd of byna altyd.

Huwelikspaar 4: Altyd of byna altyd.

Huwelikspaar 5: Altyd of byna altyd.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	1 (20%)
Menigmaal	1 (20%)
Altyd of byna altyd	3 (40%)

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op die vraag blyk dit dat 60% van die pare wat ondervra is, se huwelike "oop" is, aangesien hulle vir mekaar sal sê as hulle nie by vriende of familie wil gaan kuier wie se geselskap hulle nie geniet nie, terwyl 20% dit nie sal doen nie.

13. Hoe gereeld gebruik jy en jou maat sekere woorde wat vir julle 'n spesiale betekenis het, maar wat nie deur buitestaanders verstaan word nie?

Huwelikspaar 1: Nooit.

Huwelikspaar 2: Nooit.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nou en dan.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit	2 (40%)
Nou en dan	2 (40%)

Menigmaal 1 (20%)

Altyd of byna altyd 0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle nie sekere woorde gebruik wat spesiale betekenis vir hulle het nie, en wat nie deur buitestaanders verstaan word nie, terwyl 20% dit wel doen.

14. Hoe gereeld deel jy jou diepste geheime met jou maat sonder om bang/skaam te wees?

Huwelikspaar 1: Nooit.

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nou en dan.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit 1 (20%)

Nou en dan 3 (60%)

Menigmaal 1 (20%)

Altyd of byna altyd 0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle nie hul diepste geheime met mekaar bespreek nie omdat hulle bang/skaam is, terwyl 20% dit wel doen.

15. Hoe gereeld sal jy alles omtrent jouself met jou maat deel al plaas dit jou in 'n swak lig?

Huwelikspaar 1: Nooit.

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nooit.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit	2 (40%)
Nou en dan	2 (40%)
Menigmaal	1 (20%)
Altyd of byna altyd	0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle nie met mekaar praat oor iets wat hulle in 'n swak lig kan stel nie, terwyl 20% dit wel doen.

16. Hoe gereeld praat jy en jou maat oor persoonlike probleme met mekaar?

Huwelikspaar 1: Nooit.

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nooit.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit	2 (40%)
Nou en dan	2 (40%)
Menigmaal	1 (20%)
Altyd of byna altyd	0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle nie met mekaar praat oor persoonlike probleme nie, terwyl 20% dit wel doen.

17. Hoe gereeld sal jy liever intieme sake met jou maat deel as met iemand anders?

Huwelikspaar 1: Nooit.

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nooit.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit	2 (40%)
Nou en dan	2 (40%)
Menigmaal	1 (20%)
Altyd of byna altyd	0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle nie intieme sake met hul maats deel nie, terwyl 20% dit wel doen.

18. Verstaan jy die betekenis van jou maat se gesigsuitdrukkings?

Huwelikspaar 1: Nou en dan.

Huwelikspaar 2: Menigmaal.

Huwelikspaar 3: Altyd of byna altyd.

Huwelikspaar 4: Menigmaal.

Huwelikspaar 5: Altyd of byna altyd.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	1 (20%)
Menigmaal	2 (40%)
Altyd of byna altyd	2 (40%)

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "oop" is, aangesien hulle die betekenis van hul maats se gesigsuitdrukking verstaan, terwyl 20% dit nie verstaan nie.

19. Hoe gereeld praat julle oor julle huweliksverhouding en die rigting waarin dit gaan?

Huwelikspaar 1: Nooit.

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nooit.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit	1 (20%)
Nou en dan	3 (60%)
Menigmaal	1 (20%)
Altyd of byna altyd	0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle nie met mekaar praat oor hulle huweliksverhouding en die rigting waarin dit gaan nie, terwyl 20% dit wel doen.

20. Hoe gereeld komplimenteer jy jou maat?

Huwelikspaar 1: Nooit.

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nou en dan.

Huwelikspaar 5: Menigmaal.

- Opsomming.

Nooit	1 (20%)
Nou en dan	2 (40%)
Menigmaal	2 (40%)
Altyd of byna altyd	0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 60% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle mekaar nie komplimenteer nie, terwyl 40% dit wel doen.

21. Hoe dikwels verskil jy en jou maat ernstig in jul kommunikasie?

Huwelikspaar 1: Menigmaal

Huwelikspaar 2: Nou en dan.

Huwelikspaar 3: Menigmaal.

Huwelikspaar 4: Nou en dan.

Huwelikspaar 5: Nou en dan.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	3 (60%)
Menigmaal	2 (40%)
Altyd of byna altyd	0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 60% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle dikwels ernstig met mekaar verskil in hulle kommunikasie, terwyl 40% dit nie ervaar nie.

22. Hoe dikwels verstaan jy en jou maat mekaar nie goed nie?

Huwelikspaar 1: Menigmaal.

Huwelikspaar 2: Menigmaal.

Huwelikspaar 3: Nou en dan.

Huwelikspaar 4: Menigmaal.

Huwelikspaar 5: Menigmaal.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	1 (20%)
Menigmaal	4 (80%)
Altyd of byna altyd	0

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle mekaar dikwels nie goed verstaan nie, terwyl 20% dit nie ervaar nie.

23. Hoe dikwels voel jy daar is kommunikasiesteuringe tussen jou en jou maat?

Huwelikspaar 1: Menigmaal.

Huwelikspaar 2: Menigmaal.

Huwelikspaar 3: Nou en dan.

Huwelikspaar 4: Altyd of byna altyd.

Huwelikspaar 5: Menigmaal.

- Opsomming.

Nooit	0
Nou en dan	1 (20%)
Menigmaal	3 (60%)
Altyd of byna altyd	1 (20%)

- Gevolgtrekking.

Uit die antwoorde op dié vraag blyk dit dat 80% van die pare wat ondervra is, se huwelike "toe" is, aangesien hulle dikwels ervaar dat daar kommunikasiesteuringe tussen hulle is, terwyl 20% dit nie ervaar nie.

24. Wat is die soort van kommunikasiesteuringe wat ervaar word?

Man	Vrou
Luister nie wanneer praat nie	Werk
Vererg haar vinnig	Kinders
Familie	Familie
Misverstand	Verskillende prioriteite
Sensitiwiteit	Net een-rigting kommunikasie
Afhanklikheid	Nie tyd nie
	Geld
	Praat nie oor wat hom pla nie
	Sê maklik jammer, konflik vermy
	Verskil in standpunte voel
	Misverstande
	Te besig om te luister

➤ **Gevolgtrekking**

Die empiriese studie bevestig - soos wat dit tewens in heelwat literatuur aangegee word - dat kommunikasiesteuringe die grootste oorsaak van konflik in die huwelik is. Die grootste persentasie van die huwelike ervaar kommunikasiesteuringe gereeld en dit wil voorkom asof dit wat die steuring/e veroorsaak op geen stadium uitgepraat word nie. 'n Interessante bevinding is dat die vrou dikwels ervaar dat die grootste aanleiding tot kommunikasiesteuringe haar *man se werk* en hulle *kinders* is. Van die redes wat as afbrekende konflik bekendstaan, word genoem as rede vir kommunikasiesteuringe. Faktore wat kommunikasie verhinder tussen die huwelikspare:

- Hulle praat nie gereeld oor die aangename dinge wat met hulle gebeur nie.
- Mans ervaar dat daar menigmaal meer oor die onaangename gepraat word.
- Daar word nie gereeld gepraat oor die dinge waaroor hulle verskil nie.
- Hulle praat nie gereeld oor die dinge wat beide in die huwelik interesseer nie.
- Sensitiewe onderwerpe word vermy en nie gereeld bespreek nie.
- Mans deel nie diep geheime met hul huweliksmaat nie.
- Daar word nie met mekaar sake gedeel wat aansien sal afbreek nie.
- Mans praat nie gereeld met hulle vroue oor persoonlike probleme nie terwyl vroue dit meer doen.
- Mans en vroue ervaar dat hulle ernstig verskil in hulle kommunikasie.
- Hulle verstaan mekaar nie goed nie.
- Hulle ervaar dat daar baie maal kommunikasiesteurings is.

Na die ondervraging aan die hand van die vraelys, het navorser 'n in diepte gesprek met elke huwelikspaar gehad aangaande konflik. Die gevolgtrekking hiervan is:

Dit wil voorkom asof die huwelikspare weet wat reg is, maar dit nie toepas in hulle verhoudings nie. Dit blyk verder asof onsekerheid by die vroue bestaan oor konflik en die hantering daarvan. Die grootste persentasie van die vroue meen dat konflik wél kan voorkom by pare wat mekaar liefhet, maar die grootste persentasie van hulle is van mening dat dit nie normaal is dat daar by tye tussen huweliksmaats konflik aanwesig sal wees nie.

Van die oorsake wat vroue as 'n rede/s vir kommunikasiesteurings aangee, is stilstupe by die mans. Die mans meen egter weer dat stilstupe nie 'n effektiewe manier is om konflik te hanteer nie.

Die mans en vroue is van mening dat konflik afgehandel moet word, maar uit die navorsing kom dit voor asof dit nie in die werklikheid realiseer nie. Sommige van die mans en vroue is van mening dat konflik nie openlik bespreek moet word nie en van die mans is van mening dat konflik vermy moet word terwille van vrede.

Die grootste persentasie van die mans en vroue meen wél dat konflik 'n opbouende effek in die verhouding kan hê en dat dit tevredenheid in hulle verhouding sal verhoog indien dit hanteer word.

'n Interessante bevinding wat na vore gekom het is dat daar beide mans en vroue is wat meen dat fisiese geweld wel 'n aanvaarbare manier van konflikhantering is. 'n Groot persentasie

mans en vroue meen daarenteen dat konflik nie deurgepraat moet word nie, want dit kan 'n huweliksmat seermaak.

3.4.3 Voorlopige samevatting van hoofstuk 3 (Metateoretiese perspektiewe)

Met betrekking tot die verskil tussen man en vrou

- Man en vrou is in God se oog gelyk, maar hulle verskil in hul rolle, behoeftes en die manier wat dinge gedoen word.
- Die verskille kan kommunikasiesteuring en konflik veroorsaak indien huwelikspare dit nie verstaan nie.

Met betrekking tot temperamentele verskille van die mens

- Alle mense verskil temperamenteel en dit veroorsaak kommunikasiesteuringe en konflik.
- Daar is vier basiese temperamente nl. *Cholerikus* "D", *Sanguinikus* "I", *Flegmatikus* "S" en *Melancholikus* "C".
- Alle mense het sterk- en swakpunte.
- Elke huwelikspaar afsonderlik moet aanpas om sy/haar huweliksmat se temperamentele behoeftes te verstaan.

Met betrekking tot die hedendaagse siening van die huwelik

- Die hedendaagse mens het 'n verkeerde idee vir die doel van die huwelik.
- 'n Faset wat beklemtoon word in die huwelik, is die maatskaplike goedkeuring van die verhouding tussen man en vrou tussen wie daar 'n geslagsverhouding bestaan, en op die aard van die wedersydse regte en verpligtinge wat uit die verhouding voortspruit.
- Huwelikspare besluit saam hoe die rol van die man en vrou gaan lyk. Hulle gee 'n eie definisie wat nie vaste, rigiede lyne het nie.
- Man en vrou behou elkeen sy individuele regte en selfstandigheid. Hulle is nie meer aan mekaar verbonde nie.
- Die huwelik bestaan vir die individu. Dit gaan nie oor Goddelike vereistes of vereistes van die samelewing nie, maar oor "my". Elke individu moet sy eie heil uitwerk.

- Ekonomies verdien die man nie meer alleen 'n salaris nie. Vroue is gelyk aan mans in die arbeidsveld en is soms in 'n meer senior posisie en verdien 'n groter salaris as die man.
- Vanweë die kameraadsaspekte is die hedendaagse huwelik 'n baie ingewikkelde entiteit.

Met betrekking tot kommunikasie in die praktyk

- Daar is basies twee soorte maniere van kommunikeer, nl. Verbale en nie-verbale kommunikasie.
- Verbale kommunikasie is in 'n taal deur middel van woorde.
- Nie-verbale kommunikasie is die gedrag, optrede, uitdrukkings en lyftaal.
- 'n Mens kommunikeer 75% van die dag.

Met betrekking tot kommunikasiesteuringe

- Elemente wat kan lei tot kommunikasiesteuringe is dat huweliksmaats nie na mekaar luister nie. Hulle het verskillende verwagtinge. Die verskillende maniere van kommunikeer. Huwelikspare kan nie hulle probleme opgelos kry nie.

Met betrekking tot konflik

- Konflik is 'n natuurlike deel in die verhouding tussen mense.
- Konflik hoef nie afbrekend te wees nie. Dit kan mense help om mekaar beter te verstaan en nader aan mekaar te kom.
- Indien konflik verkeerd hanteer word, kan dit 'n huwelikspaar uit mekaar dryf.
- Huwelikspare kan aanleer om konflik positief te hanteer.

Met betrekking tot die empiriese navorsing

- Die empiriese studie bevestig dat soos heelwat literatuur aangee, kommunikasiesteuringe 'n groot oorsaak van konflik in die huwelik is.
- Huwelikspare weet wat reg is, maar pas dit nie in hulle verhouding toe nie.
- Konflik word vermy en nooit uitgespreek nie.

HOOFSTUK 4

Praktykteoretiese perspektiewe met betrekking tot kommunikasiesteuringe as bron van konflik in die huwelik

4.1 Inleiding

'n Basisteorie sonder 'n metode wat die basiese beginsels in die bedieningspraktyk kan toepas, loop gevaar om lewensvreemd te raak en dood te bloei (Louw, 1997:303). In die ontwerp van 'n praktyk-teorie vir die pastorale gesprek moet gepoog word om aan te dui hoe die betrokkenheid van die Heilige Gees in die interaksie tussen God en die mens plaasvind. Toepassing van heilswaarhede moet verskerp word (Louw, 1997:304). Volgens Louw (1997:243) bestaan die groot gevaar dat daar in 'n pastorale praktykteorie so sterk op kommunikasietegnieke en gespreksvaardighede gekonsentreer word dat daar nie rekening gehou word met die eiesoortige dinamika van die inhoud nie.

4.2 Doelstelling

Die praxis is van groot belang vir prakties-teologiese navorsing (Venter, 1996:90). Daarom is die primêre doel van hierdie hoofstuk om 'n praktykteorie te ontwerp. Om dit te kan doen, word die basisteoretiese gegewens (hoofstuk 2) in wisselwerking met die metateoretiese gegewens (hoofstuk 3) geplaas om sodoende die praktykteorie te ontwerp.

4.3 Veronderstelling

In Bybelse Berading is die veronderstelling dat die berading vanuit 'n Skriftuurlike vertrekpunt, perspektiewe en gebaseer op sodanige norme en waardes sal geskied (2.2). Die primêre besorgdheid van die berader moet op die geestelike stand van die beradene gerig wees – 'n bepaalde hoop uit die Skrif dat daar definitiewe verandering kan/sal kom by 'n/die beradene/s.

4.4 Berading en basisteoretiese perspektiewe

Die Skrif is die basis in berading, die bron van gesag waaruit die berader met die beradene omgaan (2.2). God het die man en vrou elk met hul eie rasionele persoonlikheid, intellek, emosie en wil geskep. Die mens is as 'n wese vir 'n verhouding geskep, in afhanklikheid van 'n Opperwese en van mekaar (2.2.1). Daar was aanvanklik geen sonde en dus het hier 'n volmaakte verhouding bestaan. Die gemeenskap in hierdie verhouding was een van "één"

wees met mekaar (2.2.1) vgl. Gen 2:24 – 'n situasie waarin geen steurnisse of konflik aanwesig was nie.

In God se absolute heerskappy gee hy aan die mens, man en vrou, vrye toegang tot die genieting van al die bome in die tuin, maar in sy vereiste van gehoorsaamheid, plaas Hy 'n enkele verbod op slegs een daarvan. Hierdeur bied God aan die mens die keuse om God se goeie voorsiening en oordeel van wat vir hulle goed is te vertrou en in samestemming met dit wat as enkele ordereël vir die voortsetting van 'n onversteurde en konflikvrye verhouding gegee is, te gehoorsaam. Onder die verleiding van Satan, die teenstander, kies Eva teen God toe sy van die verbode vrug neem en, gedryf deur sy liefde vir sy vrou, neem Adam ook daarvan met die vreeslike gevolg dat die volmaakte verhouding tussen God en mens sodoende verbreek word (2.2.2). Hierdie treurige gebeure, tereg word dit die sondeval genoem, het rampspoedige gevolge ingehou vir die hele menslike geslag en die skepping. Alle nakomelinge van Adam word in hierdie sonde van ongehoorsaamheid ontvang en gebore. Die verhouding tussen God en die mens het onherroeplik verander. Vrees, kommunikasiesteuring en konflik het ontstaan tussen God, man en vrou (2.2.2). Dit wat vir die mens onbekend was, naamlik pyn en lyding, het nou deel van hulle lewens geword. Hulle het geestelik gesterf, veeleisende werk en strewe in die huwelik het gekom (2.2.2.1). God se doel met die mens is hierdeur belemmer.

Alhoewel daar 'n drastiese verandering by die mens gekom het, het dit God se doel en begeerte vir die mens nie verander nie (2.2.3). God het die prys van die sonde volkome op Hom geneem toe Hy in die persoon van Jesus Christus na die aarde gekom het en hy sonde gemaak is. Die weg is deur Hom geopen dat die mens nou weer in Hom herstel kan word met God in gemeenskap en kommunikasie. Deur Jesus Christus kan die man en vrou 'n gelukkige verhouding beleef (2.2.3) - die oorspronklike doel van God kan die mens nou deur Jesus Christus beleef en ervaar, Hy stel die mens hiertoe in staat (2.2.3).

Die huwelik is 'n instelling van God tussen een man en een vrou. As deel van die basiese skepping van God is die man en vrou direk aan mekaar verbonde (2.3.1). Die aard van die instelling van die huwelik is dat twee mense, man en vrou, in die eg verbind word. Om saam te leef, saam te woon, aan mekaar verbind word met 'n band van liefde dat God saamvoeg en dat man en vrou mekaar moet aankleef (2.3.1). Die huwelik kan slegs gelukkig wees indien dit volgens die wil en doel van God is.

Die bloudruk van God vir die huwelik is gegee in Gen. 2:24, Matt. 19:5, Mark. 10:7-8 en Ef. 5:31. In die woord "verlaat" is die gedagte dat die tydelike verhouding met die ouers verander in 'n permanente verhouding met jou man en vrou (2.3.2.1). In "aankleef" is die gedagte dat man en vrou saamgevoeg word, dat hulle aan mekaar verbind word (2.3.2.2) en "een vlees" behels dat alles binne die huwelik met mekaar gedeel moet word - hul liggame, besittings, probleme, geluk ensovoorts (2.3.2.3).

Huweliks liefde word in vier aspekte onderskei wat saam 'n eenheid vorm (2.3.3). *Sexus* wat dui op seksdrang (2.3.3.1). *Eros* wat die drang na waardering en die begeerte van hartstog is wat roep na emosionele vervulling (2.3.3.2). *Philia* is die aspek wat dui op bondgenootskap, vriendskap en kameraadskap (2.3.3.3). *Agápé* dui die unieke verhouding aan waardeur God in die mens die liefde vir mekaar bewerk (2.3.3.4).

Die rol van die vrou in die huwelik is om aan haar man onderdanig te wees. Die onderdanigheid is presies hoe kinders van die Here ook teenoor *mekaar* onderdanig moet wees uit eie vry wil, maar tog omdat God dit verwag (2.3.4).

Die man moet sy vrou liefhê soos Jesus Christus die gemeente liefhet, sy alles vir haar gee (2.3.5.1.1). Sy begeerte vir haar moet net die beste wees, ongeag wat ookal (2.3.5.1.2). Die behoefte vir die vrou moet ywerig deur die man bevredig word, 'n warm veilige huis vir sy vrou skep (2.3.5.1.3). Hierdie liefde vir sy vrou is onophoudelik (2.3.5.1.4).

Ef. 5:23 sê dat die man die hoof is van die vrou (2.4.5.2). Hierdie hoofskap is dienend van aard, hy moet tyd met haar (2.4.5.2.1) spandeer, haar uit die Skrif (2.4.5.2.2) onderrig, vir haar 'n voorbeeld stel (2.4.5.2.3) en die verantwoordelikheid neem in die huis (2.4.5.2.4). Hy moet sy vrou sagmoedig hanteer, haar beskerm en besorg wees oor haar (2.4.5.2.5).

God stel die man en vrou wat Hom vertrou en aan Sy Woord gehoorsaam is in staat om huweliksgeluk te ervaar.

Die mens soos God hom en haar geskep het, beskik oor die vermoë om te dink en mondeling te kan kommunikeer. Deur die gesproke woord kan die mens homself uitdruk. Die Skrif moedig goeie en effektiewe kommunikasie aan (2.5).

Kommunikasie is die proses of metode waardeur inligting met mekaar gedeel word op so 'n wyse dat mense mekaar kan verstaan (2.5.1).

In kommunikasie is daar elemente (2.5.2). Meer as 20% van Spreuke het op die een of ander manier te doen met die gesproke woord en die krag van kommunikasie. Die duidelike verhouding tussen die mond/tong en die hart is onmiskenbaar en stel dus die vereiste dat om reg te kan praat, moet die hart reg wees (2.5.2.1).

Kommunikasie begin wanneer die ontvanger gereed is om te luister. Om te luister is om te hoor en te verstaan wat gesê word (2.5.2.2). Alvorens geantwoord word, moet eers nagedink word aangesien 'n verkeerde antwoord 'n merkwaardige uitwerking op 'n verhouding kan hê (2.5.2.3).

Volgens die Skrif is die ideaal in kommunikasie om stadig te wees om te praat, dit wil sê om elke woord deeglik te weeg, versigtig te wees wat gespreek word (2.5.3.1); gou wees om te hoor (2.5.3.2); stadig om toornig te word (2.5.3.3). Goeie kommunikasie ooreenkomstig hierdie beginsels in 'n huwelik bewerk eenheid.

Skrifbeginsels aangaande kommunikasie is om as spreker eerlik te wees, die waarheid te praat (2.5.4.1). Geskille mag ontstaan, maar om dit dadelik te hanteer (2.5.4.2); om in die hantering daarvan nie mekaar te bespreek nie, maar die probleem (2.5.4.3). Tree handelend op en moenie reageer, "ek moet eerste gaan regmaak en vrede soek" (2.5.4.4).

Sedert die sondeval beleef mense konflik. Konflik ontstaan wanneer twee mense se doelwitte nie aanpasbaar of versoenbaar is nie, wanneer 'n persoon se hartsbegeerte nie bevredig word of wanneer twee mense bymekaar se doen en late betrokke is, maar self verskil (2.6.1).

Indien konflik reg hanteer word, is dit 'n verhoudingsbouer en nie 'n -breker nie. Ten einde konflik reg te kan hanteer, moet die oorsaak (probleem) korrek geïdentifiseer word, waaruit moontlike oplossings ontwikkel kan word; alternatiewe oplossings geevalueer kan word. Besluit op wat die beste oplossing is en implementeer dit. Volg voortdurend met mekaar op om te bepaal of by die oplossing gehou word (2.6.2).

4.5 Berading en metateoretiese perspektiewe

In die berading van huwelikspare met kommunikasiesteuringe, is dit noodsaaklik dat die berader sal verstaan dat daar 'n verskil tussen 'n man en vrou is. Hulle verskil nie net fisies nie, maar ook emosioneel, sielkundig, geestelik en in hulle verwantskap. Mans en vroue se handelswyse en denke verskil van mekaar (3.3.1).

Insoverre dit temperamente betref, kan die een se gedragspatroon/e van die ander onderskei word (3.3.2). Daar is vier basiese temperamente (3.3.2.1): die Cholerikus (D) is ekstrovert, taakgeoriënteer en gee nie baie om vir verhoudings nie, word maklik kwaad, is baasspelerig en dominerend. Sy/hy is aktief en besig, doen dinge en bereik baie (3.3.2.1.1). Die Sanguinikus (I) is opgeruimd, raak maklik opgewonde, handel dikwels impulsief, praat maklik en maak maklik vriende. Hierdie temperamentsoort openbaar ekstroverte gedrag, is verhoudinggeoriënteer en is nie juis begaan daaroor of 'n doel bereik word nie (3.3.2.1.2). Die Flegmatikus (S) is 'n kalm, bedaarde en gelukkige persoon wat nie maklik opgewonde of kwaad word nie, is dikwels teruggetrokke en stil. Sy/hy raak nie maklik by ander mense se doen en late betrokke nie; is introvert, verhoudinggeoriënteer en is nie baie begaan oor die taak nie (3.3.2.1.3). Die Melancholikus (C) is begaafd, betroubaar, bereid om te dien en op te offer. Hierdie mense maak nie maklik vriende nie, beleef gevoelswisselinge, is geneig om broeiend te tob en hulself jammer te kry. Hulle is introvert, taakgeoriënteer en gee nie baie om vir verhoudinge om nie (3.3.2.1.4).

Ernstige probleme word in die hedendaagse huwelik ondervind. Die geluk wat God vir die huwelik in gedagte het, word nie meer ervaar nie. Mense het 'n verkeerde idee van die doel van die huwelik. Daar is die standpunt dat die huwelik primêr ter wille van maatskaplike verpligtinge sou bestaan. Die bron van outoriteit is nie in God gesetel nie, maar in die menslike wesens, in elke individu (3.3.3).

Daar is drie basiese modelle vir die huwelik. Die tradisionele huwelik waar die man die heerser is terwyl die vrou onderdanig is. Die man is die alleen broodwinner en onbetwiste hoof van die huis. Die grootmaak van die kinders is die vrou se verantwoordelikheid terwyl die man se betrokkenheid hierby gesag is wat die vrou bystaan in die dissiplinerende van die kinders (3.3.3.1).

Die wese van die vennootskapshuwelik is kameraadskap met die stil verstandhouding dat die man se belange beslissend is. Die man is die broodwinner en hoof van die gesin, maar hy kan sy vrou in die besluite wat geneem moet word wat hulle raak, raadpleeg. Die vrou se hooftaak bly huisvrou terwyl sy deelyds of buite die huis iets mag doen wat aanpas by haar man se werk en status. Die grootmaak van die kinders is die vrou se verantwoordelikheid terwyl die man soms daarby betrokke mag raak. Van die man word leierskap en redelikheid verwag en hy moet beskikbaar en emosioneel betrokke vir sy vrou en kinders wees. Die vrou moet die moederlike, afhanklike, liefdevolle en emosionele en meer as 'n vrou en moeder wees (3.3.3.2).

In die gelykmatige huwelik hanteer die man en vrou mekaar as gelykes. Die man sowel as die vrou is elk in eie reg 'n broodwinner met elkeen 'n eie loopbaan. Hulle kom ooreen en hersien hulle onderskeie rolle in die huis soos dit hulle die beste pas. Die huislike verantwoordelikheid bly die vrou s'n alhoewel dit sekondêr tot haar loopbaan staan. Die man en vrou deel die verantwoordelikheid wat die grootmaak van die kinders betref. Hulle kom ooreen in die lig van bekwaamheid, ondervinding en sensitiwiteit, wat van elkeen afsonderlik verwag word (3.3.3.3).

Die veranderde wêreld, tye, spanning en druk van vandag op die man en vrou se verhouding, skep nuwe variasies, uitdagings en moontlikhede. Sommige beleef 'n spoorlynhuwelik - man en vrou ontwikkel langs mekaar of parallel tot mekaar en al wat hulle inderwaarheid bymekaar hou is die dwarslêers van gemeenskaplike belange soos byvoorbeeld die kinders, status, geld, huisvesting ensovoorts. Die gevaar van hierdie huweliksverhouding is dat indien die bindende, gemeenskaplike faktore sou wegval, dan vervreem die man en vrou van mekaar (3.3.3). Mense vermy al meer die huwelik, want, soos dit gemeen word, "dit werk nie". Hulle wil hulle nie meer laat bind nie, daarom woon al hoe meer sonder 'n egverbintenis saam (3.3.3).

Die empiriese studie bevestig - soos wat dit teweens in heelwat literatuur aangegee word - dat kommunikasiesteuringe die grootste oorsaak van konflik in die huwelik is (3.4.3). Alhoewel huwelikspare kommunikasiesteuringe gereeld ervaar, praat hulle op geen stadium dit wat die steuring/e veroorsaak uit nie. Volgens die vrouens is die grootste oorsaak wat aanleiding gee tot kommunikasiesteuringe in die huwelik, die *man se werk* en hulle *kinders* (3.4.3). Volgens die mans is die grootste oorsaak wat aanleiding gee tot kommunikasiesteuringe die feit dat hul vrouens nie na hulle luister, hulle hul vinnig vererg en misverstande (3.4.3).

4.6 Voorgestelde pastorale riglyne

4.6.1 Beradingsmetode

Die primêre atmosfeer by 'n berader moet een wees van warmte, aanvaarding en respek vir die mense wat sy spreekkamer met hul besondere probleem betree. Omdat eerste indrukke gewoonlik die blywende is, is die beste noodsaaklik. Dit word deur die berader oorgedra deur, onder andere, sy stemtoon en houding. 'n Goeie verhouding van vertroue moet met die huwelikspaar gebou word. Huwelikspare moet met vriendelikheid, simpatie en begrip behandel word.

Navorser gebruik in huweliksberaad 'n gesamentlike berading, dit wil sê die man en vrou word gelyktydig in die proses betrek. Nie een van die huweliksmaats kan dan meen of voel dat daar uitsluiting is nie en daardeur van die beraad afgeskrik word nie. Die doel van die beraad is om deur die aanleer van verbeterde interaksie- en kommunikasiepatrone groter harmonie tussen huweliksmaats te bewerkstellig. Die klem val op stimulering van persoonlikheid- en verhoudingsgroei.

Tydens gesamentlike beraad word 'n beter beeld verkry van die verhoudingsinteraksie tussen die huweliksmaats. Die aard en intensiteit van die konflik kan gewoonlik ook makliker bepaal word. Die probleem word meestal gou gediagnoseer en huweliksmaats kan vinniger by die proses van probleemoplossing betrek word.

Aanspreeklikheid, betrokkenheid en verantwoordelikheid van die man en vrou vir die probleem in die verhouding word in gesamentlike berading bevorder. Albei die huweliksmaats neem self waar en kan foutiewe waarnemings regstel. Insig in jouself en in die ander party word bevorder. Die berader kry 'n totale beeld van die interaksie, kommunikasie en gedrag tussen die huweliksmaats.

Veranderinge en nuwe kommunikasiestyle kan in gesamentlike beraad uitgetoets en ingeoefen word. Die berader kan dominerende, passiwiteit en oorafhanklikheid by die huweliksmaats waarneem. Groter duidelikheid oor rolverwagtinge en tevredenheid kom na vore.

4.6.2 Beradingsriglyne

Die probleemsituasie van 'n huwelikspaar wat hipoteties in die huidige studie aan orde kom, is konflik as gevolg van kommunikasiesteuringe. Die huwelikspare kom vir berading omdat hulle ongelukkig is en hulp nodig het om te verander sodat hulle gelukkig kan wees. Die doel is om die huwelikspaar vanuit die Bybel te beraad sodat hulle huweliksgeluk kan ervaar terwyl hulle hul konflik bestuur.

Aangesien God die skepper van man en vrou is, die insteller van die huwelik asook kommunikasie is, en sonde die verhouding asook kommunikasie tussen man en vrou versteur, is dit belangrik dat huwelikspare op God gefokus word tydens berading. Die beradingsriglyne om juis dit te doen, word die Theos-gerigte model genoem. God Drie-enig is die fokus in die beradingsproses. God die Vader, die insteller van die huwelik en kommunikasie, God die Seun, die Verlosser en weg na goeie begripvolle kommunikasie, God die Heilige Gees, die


vermoë-gewer vir man en vrou om mekaar te begryp en in staatsteler om dader te word van wat die Woord verwag in kommunikasie (Minnie, 2003:244).

Huwelikspare met konflik a.g.v. kommunikasiesteuringe word begelei met riglyne uit die Bybel onder leiding van die Heilige Gees om só te kommunikeer dat dit effektief en opbouend vir hulle huwelik is.

Die Theos-model sluit verskillende fases in, naamlik verhoudingsfase, ontledingsfase, onderrigfase en aksiefase. Die fases word nie een-vir-een afgesluit en daarna na die volgende oorgaan nie. Die verhouding word byvoorbeeld dwarsdeur die beradingsproses gebou, so bly data-insameling voortgesit gedurende die hele proses.

Die fases word gebruik as riglyne in die beradingsproses om die beradene na God en mekaar te begelei (verwys Minnie, 2003:244).

Skemasies kan dit so voorgestel word:



4.6.2.1 Verhoudingsfase

Eerste indrukke is blywend en daarom is die fase baie belangrik. Die berader moet by die probleem van die huwelikspaar verby kyk, en die huwelikspaar met vriendelikheid, aanvaarde simpatie en begrypend teenoor hulle en hulle probleem optree.

Met die eerste ontmoeting, maar ook regdeur die beradingsproses moet die berader bou aan 'n verhouding waarin vertrouwe gewek en behou word. Hierin moet die berader voortdurend neutraal bly en op geen stadium die indruk by enige van die huwelikspare die gedagte skep dat daar kant gekies word nie.

Jesus Christus het deur die kruis die verbroke verhouding tussen God en mens wat ontstaan het met die sondeval van Adam en Eva (2.3.2), herstel (2.3.3). Die basis vir 'n goeie verhouding is om Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker te ken. Die waarheid moet met die huwelikspaar gekommunikeer word.

Die berader moet die basiese vaardighede wat van belang is vir die bou van 'n verhouding toepas (3.3.7.2) en dit ook met die huwelikspaar behandel.

- Persone moet mekaar ken, bereid wees om oop te maak en mekaar te vertrou.
- Die aanvaarding van mekaar as unieke individue.
- 'n Gesindheid hê om te dien - die ander persoon se belang te bevorder.
- Duidelik eerlike geformuleerde boodskappe deur te gee.
- Luistervaardighede ontwikkel.
- 'n Styl van onderdanigheid en samewerking is belangrik in die soeke na gemeenskaplike oplossings.
- Identifisering van die rol van voorveronderstellings en waardes binne die gespreksgebeure.
- Egtheid en opregtheid bevorder die klimaat van gesprek.

Tydens die verhoudingsfase is gesprekspatroon wat gevolg en afgewissel word, vraag en antwoord; ondersteuning en bemoediging; konfrontasie en vermaning; raadgewing en inligting; diagnose en interpretasie; empatie en aanvaarding en doelgerigte hulpverlening en opbouing.

Die berader moet weergebore wees. Sy verhouding met God moet getuig van goeie kommunikasie tussen God en hom, maar ook tussen hom en sy naaste. Hy moet God se Woord gehoorsaam in sy lewe en self weet hoe om met God te praat (gebed). Hy moet 'n student van die Bybel wees om God se Woord te kan toepas soos dit nodig mag wees. Die berader se lewe moet getuig van die Vrug van die Gees (Gal. 5:22).

Die berader se huwelik moet self 'n voorbeeld wees vir die huwelikspare wat kom vir berading. Alleen vanuit 'n eie gelukkige en bevredigende huweliksverhouding kan die berader doeltreffend aan andere leiding gee. Indien die berader se verhouding met sy naaste nie ingevolge die beginsels van die Bybel is nie, as hy nie met sy huwelikmaat kommunikeer nie, kan hy nie die beginsels met insig oordra aan persone wat sukkel nie.

Die berader se vertrekpunt moet wees dat hy bekommerd is oor die huwelikspaar se huwelik en dat dit vir hom 'n saak van erns is om hulle te help om (deur God se genade) tot 'n oplossing vir hulle kommunikasieprobleem te kom.

4.6.2.2 Ontledingsfase

Volledige data is noodsaaklik vir doeltreffende ontleding. Gegewens moet by aanvang van raadpleging verkry word - stel vas oor hulle leefwyse en situasies wat hulle daaglik mee gekonfronteer word.

Die huwelikspaar moet gehelp word om hulle gevoelens te verwoord sodat alle moontlike inligting aangaande die probleem bekom kan word. Vraelyste kan gebruik word wat opgestel is om persoonlike inligting te bekom en moontlike oorsake van steuring in kommunikasie te peil. Vrae kan gevra word en stilte aan die kant van die berader kan ook soms 'n aanmoediging wees van hulp aan die beradene om te praat. Mense verskil, sommige praat maklik oor hulle probleme en ander nie, daarom moet die berader versigtig wees om nie oorweldigend voor te kom nie. Gee deur aanvoeling aan die huwelikspaar se gevoelens te kenne dat omgee word en dat saam met die huwelikspaar gewerk wil en gaan word om probleem op te los. Soms is dit moeilik vir 'n man en vrou om hulle probleme voor mekaar te verwoord. Indien dit blyk nodig te wees, kan berader hulle met tye afsonderlik konsulteer.

4.6.2.3 Onderrigfase

Onderrig aan die huwelikspaar moet so wees dat hulle in dit wat God hulle bied bewus kan word van hulle huidige situasie. Hulle moet bewus word van God se teenwoordigheid in hulle huwelik. Hieroor moet die huwelikspaar besin.

Skrifstudie in die vorm van tuiswerk soos bv. Ef. 5 oor die huwelik saam lees. Laat hulle Bybelstudie doen (sien bv. bylaag 1, 2, 3 & 4). Die huwelikspaar voltooi die tuiswerk op hulle tyd by die huis en bring dit dan met die volgende afspraak na die berader waar die antwoorde nagegaan sal word. Die huwelikspaar moet geleer word om te kommunikeer sodat hulle hul konflik en kommunikasiesteuringe gesamentlik kan bestuur. Behandel die elemente tot kommunikasiesteuringe (3.3.6.1) met die huwelikspaar. Hulle moet weet dat konflik deel van hulle verhouding sal bly, maar hulle kan dit hanteer tot opbouing van hulle verhouding (2.5.2). Hulle moet met mekaar iets deel van hulle ervaring deur die dag (dit sluit klagtes uit). Moedig die huwelikspaar aan om iets spesiaal saam te doen.

